Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 1, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# VERSLAE VAN NEUTRALE MILITÊRE WAARNEMERS TYDENS DIE ANGLO-BOEREOORLOG

(KAPT. J. ALLUM)

## Inleiding

In die westerse lande het die pos van militêre attaché geleidelik tot ontwikkeling gekom. In die loop van die koalisie-oorloë wat tydens die sewentiende en die agtiende eeu in Europa gewoed het, het die gewoonte ontstaan om hoë offisiere aan die krygsmagte van bondgenote toe te voeg ten einde vakkundige verslae oor die krygsverrigtings van dié bondgenote te bekom.

Tydens die Napoleontiese oorloë het die militêre attaché of — waarnemer sy huidige status verwerf en het dit gebruiklik geword dat westerse regerings militêre attachés as geakkrediteerde lede van gesantskappe of ambassades uitgewissel het.

Die taak van hierdie militêre verteenwoordigers was, en is nog steeds, om — op 'n grondslag van wederkerigheid — op 'n openlike, wettig geoorloofde wyse informasie in te samel oor die krygsmagte van dié moondhede by wie hulle geakkrediteer is.

Gedurende vrywel alle oorloë wat in die negentiende- en in ons eie eeu gewoed het, of hulle nou groot of klein van omvang, van 'n Europees-, koloniale of ander geaardheid was, was daar militêre attachés te velde aanwesig.

Hulle het, as verteenwoordigers van nie-oorlogvoerende, neutrale lande op die strydtoneel verskyn en dikwels met lewensgevaar hul waarnemingswerk verrig.

Sommige van hulle was nie voorheen as militêre attachés aangestel nie. Die diplomatieke status wat aan die pos verbind was, het hulle — om as militêre waarnemers te kan optree — **ad hoc** ontvang.

Aan Brits-Franse kant het hulle die verloop van die Krimoorlog [1855 - 1856] gevolg. Ook was hulle waarnemers tydens die Frans-Duitse oorlog [1870 - 1871], die Russies-Turkse oorlog [1877 - 1878], die gewapende botsing tussen Spanje en die V.S.A. [1898], die Anglo-Boereoorlog [1899 - 1902], die Russies-Japanse oorlog [1904 - 1905] en die twee Balkanoorloë [1912 - 1914].

Die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het onmiddellik die aandag van 'n groot aantal generale stawe getrek. Sommige van hulle het hul militêre attachés in Londen na die Britse troepe in ons land gestuur. Onder hulle was kapt. baron Lüttwitz [Duitsland], en kol. Stakovich [Rusland].

Ander regerings het hoofkwartier- of ander offisiere die status van militêre attachés verleen en hulle as waarnemers na een van die oorlogvoerende partye in ons land afgevaardig. Die bekendstes onder hulle was kapt. Robert Trimmel [Oostenryk] en die Franse offisiere kapt. Demange en luitenant R. Raoul-Duval.

Op die afgebeelde groepfoto verskyn die volgende militêre attachés wat by die Britse magte gedetasjeer was: Kapt. R. Trimmel [Oostenryk], kapt. baron Lüttwitz [Duitsland], kmdt. d'Amade [Frankryk], kapt. Hiraoka [Japan], maj. Esteban [Spanje], kapt. Slocum [V.S.A.], kol. Stakovitch [Rusland] en maj. Gentilini [Italië].

'n Ander foto vertoon 'n aantal militêre waarnemers aan Boerekant, t.w. luitenant Thom-

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 1, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

son [Nederland], kapt. J. Allum [Noorweë], kapt. Demange [Frankryk], kapt. Reichman [V.S.A.], kol. Romyko Gurko [Rusland] en luitenant R. Raoul-Duval [Frankryk]. Verder het kapt. jonkheer J. H. Ram, luitenant M. J. Nix en kapt. C. J. Asselbergs Nederland verteenwoordig. Laasgenoemde twee offisiere was van die toenmalige Nederlands Indiese leër [K.N.I.L.].

Hulle het na die einde van die gereelde of konvensionele oorlogstydperk aan die grens tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek en Portugees-Oos-Afrika [Mosambiek] [September 1900] na hulle land van herkoms teruggekeer. Die rede hiervoor was dat hulle geen belang in die guerrilla-tydperk gestel het nie of dié fase as te uitputtend vir neutrale militêre waarnemers beskou het.

Die meeste van die militêre waarnemers was uitgesoekte beroepsoffisiere wat 'n deeglike taalkennis besit het en militêr gesproke goed opgelei was. Hulle het oor aangename omgangsvorms beskik wat as 'n vereiste beskou is om informasie van terughoudendes te verkry. Hul waarnemings- en oordeelsvermoë was nugter, hul skryfstyl vlot, terwyl baie van hulle later hul ervarings in ons land in die vorm van boeke en/of tydskrifartikels gepubliseer het. Hulle het dit in hulle hoedanigheid as beroepsoffisiere of joernaliste gedoen.

Voorbeelde van hierdie werksaamhede is kaptein J. Allum se voordrag van Januarie 1902, soos gepubliseer in die **Norsk Militaert Tidsskrift**, nr. 65, jaargang 1902, pp. 65 - 90; en kaptein Jonkheer J. H. Ram se lesing "Lessen uit den Zuid-Afrikaanschen Oorlog". Hierdie lesing van 13.12.1901 is gevolg deur 'n debat wat op 20 Maart 1902 in die vergadering van die "Vereeniging ter beoefening van de Krijgswetenschap" te Den Haag gehou is. Die neerslag hiervan is gepubliseer in die **Orgaan ter beoefening van de krijgswetenschap**, jaargang 1901 - 1902 p. 174 e.v.

Gewoonlik het die Britse bevelhebbers van die oorlogvoerendes die neutrale militêre waarnemers noukeurig dopgehou en verhinder dat hulle na die vyand oorgaan om informasie te verstrek.

In tye van teenspoed is die waarnemers ver van die front(e) weggehou soos in die geval van kaptein Stakovich ten tye van die slag van Magersfontein. Eers toe generaal P. A. Cronjé by Paardeberg omsingel was, het die militêre attachés wat aan Britse kant waarnemingswerk verrig het, toestemming gekry om soontoe te gaan. Van kaptein Stakovich het briewe bewaar gebly waarin hy sy ontevredenheid en teleurstelling oor sy gedwonge ledigheid, ver van die front, onbewimpeld uitgespreek het. Nietemin is hy nog geskok deur die slegte toestande wat onder die Britse beleëraars by Paardeberg geheers het.

Ten tye van die groot Britse terugslae by Ladysmith, Colenso, Stormberg en Spioenkop is dieselfde beleid ten opsigte van die militêre attachés gevolg.

Die regerings en militêre bevelhebbers van die twee Boererepublieke het die buitelandse militêre waarnemers met die grootste vriendelikheid ontvang en gehelp. Hulle het oor volkome vryheid van beweging beskik ten tye van militêre voor- en teenspoed. Toe luitenant-kolonel Gurko en luitenant Thomson deur die Britte by Bloemfontein gevange geneem is, het lord Roberts hulle toegelaat om, oor Kaapstad en Lourenço Marques, by die Boeremagte aan te sluit. Deur die Boere is dié twee militêre attachés weer met die grootste hoflikheid ontvang.


Die militêre waarnemers van weleer het almal uitvoerig oor die Anglo-Boereoorlog in die vorm van gepubliseerde en ongepubliseerde dokumente gerapporteer. In militêre verband is daar in tydskrifte en militêre akademies op 'n groot skaal gedebatteer oor die lesse wat uit oorlog getrek kon word.

Ten spyte hiervan is daar in latere jare min verwysings deur militêre deskundiges na die Anglo-Boereoorlog. Die besonder bruikbare publikasie van Alfred Vagts, **The military attaché**, [(Princeton) University Press, Princeton, New Jersey, 1967], pp. 408, vermeld die Anglo-Boereoorlog slegs tweemaal, t.w. op p. 110, noot 2, en op pp. 260 - 261, en dan nog slegs terloops.

Sowel die Britse as ons eie militêre en ander historici het tot hede weinig gebruik van die verslae gemaak wat deur neutrale militêre waarnemers opgestel is.

Die samestellers van hierdie bydrae — drr. C. de Jong en Jan Ploeger — het, as 'n proefneming, hul kragte saamgesnoer om 'n beskeie deurbraak op dié gebied te bewerkstellig.

Eersgenoemde skrywer het kaptein J. Allum se bevindings uit Noors in Afrikaans vertaal,



Militêre attachés by die Britse magte.
Eerste ry, vlnr: kapt Hiraoka (Japan); maj Esteban (Spanje); kapt Slocum (V.S.A.); kol Ivor Herbert (stafoffisier, Engeland); kol Stakovich (Rusland); maj Gentilini (Italië). Tweede ry, vlnr; kapt R. Trimmel (Oostenryk); kapt baron Luttwitz (Duitsland; kmdt d'Amade (Frankryk).

Foto: **S Dok D**



Militêre attachés by die Boeremagte.
Staande vlnr: kapt Reichman (V.S.A.); lt Thomson (Nederland); kapt J. Allum (Noorweë).
Sittend, vlnr; lt-kol Gurko (Rusland); kapt Demange (Frankryk); lt Duval (Frankryk); Voor; mnr. Fischer (adjudant).

Foto: **S Dok D**

terwyl laasgenoemde die lesing van kaptein Jonkheer J. H. Ram* vir sy rekening geneem het en tewens die uiteindelike teks van hierdie bydrae opgestel het.

## 1. Beknopte lewensloop van kaptein J. Allum

Die volgende gegewens is aan die Noorse jaarboek van offisiere, **Norges militaere embedsmenn 1929** [1929] ontleen:

Julius Allum is op 29 November 1865, as seun van die gelyknamige skeepskaptein, en sy gade Jakobine Johanne Kristiansen te Drammen [Noorweë] gebore. Hy lê in 1885 sy eindeksamen van die middelbare [Latynse] skool met goeie gevolg af en voltooi vervolgens sy studie vir landmeter. In 1889 lê hy die eksamen in die hoogste afdeling van die militêre akademie af. Van 1889 - 1892 vertoef hy as landmeter in ons land. Hy keer in laasgenoemde jaar na sy geboorteland terug waar hy intussen tot eerste luitenant bevorder is [1891]. Hy sluit by die Noorse weermag aan en doen van 1892 tot 1896 diens by die 2e Infanteriebrigade en is werksaam by die opleiding van offisiere. In 1898 volg sy bevordering tot kaptein. Van 1896 tot 1900 werk hy as landmeter en assistent-ingenieur in militêre verband.

Ten tye van die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog is hy in Stavanger woonagtig. Teen die einde van 1899 ontvang hy 'n beurs van die Noorse regering om as militêre waarnemer die oorlog in ons land te bestudeer.

Hy bring die eerste halfjaar van 1900 in ons land deur, keer daarna na Noorweë terug, waar hy as L.O.-onderwyser optree [1901 - 1916] en 'n aantal bydraes in Noorse militêre tydskrifte publiseer en in 1906 sy reisverslag by die owerheid indien.

In 1901 tree hy op as offisier van 'n infanterieskool waar hy begin om sy indrukke en denkbeelde, opgedoen tydens sy verblyf in ons land, toe te pas. Sy bevordering tot majoor volg in 1913. In 1916 word hy luitenant-kolonel, in 1919 kolonel en daarna tree hy op as bevelvoerder van die 1e Infanterieregiment en kommandant van die ou garnisoenstad Frederikstad aan die Noors-Sweedse grens.

Kolonel Allum was die draer van die S.O.-medalje, m.a.w. die silwermedalje van die Sentrale Vereniging of Organisasie.

* Volgende uitgawe. Militaria 4/2.

Hy was getroud met mej. Johanna Margrethe Bull Gude wat op 20 Julie 1871 te Stavanger gebore is. Uit die huwelik wat te Kristiana [Oslo] voltrek is, is twee dogters gebore.

Kaptein Allum se amptelike verslag is, boeiend geskryf, aan sy reisdagboek ontleen. Hy was 'n boeiende stilis, 'n deeglike waarnemer en het sekere aanbevelings insake die hersiening van taktiek en militêre oefening gedoen.
Sy bydraes dra die stempel van die werk van 'n beroepsoffisier met, as ondertoon, simpatie met en bewondering vir die Boerevolk.

Hierdie gemoedstemming vloei vermoedelik voort uit die feit dat die Noorse volk, wat in dié jare hoofsaaklik uit boere en vissers bestaan het, vier eeue van onderhorigheid agter die rug gehad en in die 19de eeu moeisaam na staatkundige en kulturele selfstandigheid gestrewe het. Dit het 'n gevoel van verwantskap met die Boere verwek.

## 2. Taktiese ervarings, deur kaptein Allum

### a. Verdediging

Die Boerekrygsmag wat in Oktober 1899 saamgetrek is vir die stryd teen die Engelse het vir 'n groot deel bestaan uit mans wat reeds aan die stryd gewoond was.
Baie van hulle het in hul jeug deelgeneem aan die Groot Trek met sy langdurige gevegte wat met bomalige inspanning teen die inboorlinge gevoer is. Hulle was nog aan die lewe en het hulle vir die stryd vir die vaderland aangemeld.

Baie het aan een of meer van die eertyds veelvuldige vetes teen die Bantoes en aan die oorlog teen Engeland [1880 - 1881] deelgeneem.

Ons moet opmerk dat hulle slegs een aspek van die stryd, naamlik die verdediging, gewoond was. Reeds vanaf die begin van die vorige eeu was hul taktiek in al hul gevegte om hulle deur die tallose Bantoehordes te laat aanval wat die Boereposisies blindelings gestorm het. Dié posisies het in die algemeen uit walaers bestaan wat vir dié doel en met die destydse wapens voortreflik was. Hierdie taktiek het hulle keer op keer die oorwinning teenoor 'n groot oormag besorg.
Die verdedigingsoorlog het ten slotte 'n volslae tradisie by die Boere geword en 'n bestanddeel van hul nasionale karaktertrekke ge-

vorm. Terselfdertyd het dit goed by hul militêre organisasies gepas.

Laasgenoemde vertoon 'n verbasingwekkende gebrekkige indeling en bevelstruktuur, 'n volslae gebrek aan oefening in vredestyd en geringe tug. Tewens beskik dieselfde organisasie oor onvoldoende kennis of vermoëns om te maneuvreer waar dit aanmerklik moeiliker take betref [ordelike opmarse, aanvalle] waarmee 'n krygsmag op 'n grootskaalse wyse te doen kry.

Slegs waar dit die verdediging betref, het hulle 'n verbasingwekkende bekwaamheid vertoon en kan die Europese moondhede, wat dit betref, van hulle leer en nuwe impulse kry wat ongetwyfeld van groot belang met betrekking tot die militêre opleiding is.

Die Boere se bekwaamheid ten opsigte van die verdediging is dus nie 'n vrug van oefening in vredestyd met 'n oorlog voor oë nie. Dit het nie voortgekom uit diepgaande studie van militêre tydskrifte binne vier mure nie. Ek sou amper sê dat dit 'n instink by hulle is, maar dit is tog nie dit nie, dit is iets meer, naamlik die gebruik van die beskikbare terrein deur 'n verstandige, ervare man met 'n bepaalde doel.

Hulle word van kindsbeen af opgevoed tot bekwame jagters wat daaraan gewoond is om tot selfs die kleinste terreinvoordele te benut. Hulle word rustige, koelbloedige skuts wat hul geweer ken, weet wat hulle hiermee kan verrig en wat daaraan makeer, sodat die vuurwapen se eienskappe ten volle tot sy reg kan kom.

Herhaaldelik is die vraag aan my gestel op watter afstand die Boere gewoonlik hul vuur geopen het. Hierop kan ek antwoord dat die Boere oor geen reëls, aanwysings en skietinstruksies beskik nie. Dit het nie alleen van die besondere omstandighede afgehang nie. Dit was in elke geval verskillend; soms op groot afstande, soms op besonder kort afstande.

Indien die Boere byvoorbeeld geweet het dat die Engelse op die hoogte van hul posisies was, m.a.w. dat daar in dié opsig niks was om weg te steek nie, en die Engelse het aanvallend opgeruk oor beskikbare terrein, dan het die Boere op afstande van 1 500 tot 1 600 m of nog verder, begin vuur. Deur dit te doen het hulle korrek opgetree. Hoekom sou hulle die vêrdraende vermoë van hul gewere nie tot die uiterste aanwend nie? Hoekom sou hulle die voordeel wat hulle as verdedigers besit het deur in goeie posisies met 'n bekende skootsveld voor hulle te lê nie gebruik nie om, reeds in 'n vroeë stadium van die stryd, sonder om selfs iets te ly, die vyand soveel moontlik skade te berokken?

Wanneer hulle daarenteen in versteekte posisies gelê het waarvan die Engelse nie die ligging geweet het nie, dan het hulle die Engelse rustig laat naderkom, tot so te sê binne handbereik, voordat hulle begin skiet het. Hulle het geweet dat die uitwerking van moderne gewere, selfs teen 'n veelvoudige oormag, vernietigend is. Hulle het daarom niks hoef te vrees nie, selfs indien die teenstanders oor voldoende teenwoordigheid van gees beskik het om die kort afstand van 'n vinnige stormaanval gebruik te maak.

Van hierdie twee gevalle is daar talryke voorbeelde aan alle gevegsfronte, sowel in die Tugela-stelling in Natal [o.m. Colenso, 15 Desember 1899] as aan die suidgrens van die Oranje-Vrystaat en in verband met Methuen se opmars langs die westergrens van die Oranje-Vrystaat [Modderrivier, 28 November en Magersfontein 11 Desember 1899 e.a.].

Persoonlik het ek ook verskeie kleinskaalse voorbeelde gesien o.m. tydens die geveg by Sannaspos op 31 Maart 1900. Daar het ek die toepassing van albei gevalle gesien: Eers het De Wet met 'n strydmag, wat aan die pad na Bloemfontein in 'n hinderlaag gelê het, 'n Engelse afdeling van ongeveer 200 man berede infanterie tot op 150 m laat nader voordat hulle vuur geopen het. Toe hulle posisie daarna bekend was, het hulle op 1 200 m die stryd met Engelse voetgangers en op 1 500 m afstand met die vyandelike artillerie aangebind. Ek ken nie die noukeurige uitwerking van hierdie vuurgeveg nie, maar die gevolg was dat die oormagtige Engelse strydkragte, na 2½ uur se veg, in alleryl moes terugval.

Aangaande die Boere se werksaamhede ter voorbereiding van 'n posisie was daar hoegenaamd geen eenvormigheid nie. Daar was geen reëls of planne met bepaalde mate vir die diepte, breedte of die borswering en die besetting met geskut nie. Hulle hoofbeginsel was om met die kleinste moontlike aantal gewere op die beste wyse 'n so groot moontlike frontwydte te verdedig.

Hulle was altyd besonder bevrees vir omtrekking deur die in getalsterkte altyd oormagtige vyand omdat hulle in so 'n geval oor onvoldoende samehang of maneuvreerbaarheid beskik het om dergelike omtrekkende bewegings te verhinder. Daarom het hulle die front ver uitgerek om op dié wyse die vyand te belet om agter hulle te kom.

Hulle het hul posisies liefs daar gekies waar, volgens hulle gedagtegang, die vyand niks vermoed het nie. Daarom het hulle selde bo-op die hoogtes gelê indien hulle dit kon vermy, maar òf aan die sykant van die hoogtes òf voor hulle en graag 'n paar honderd meter voor die hoogtes in die vlakte, soos by Fort Wylie, 'n oorheersende hoogte aan die noordelike Tugela-oewer. Hierdie hoogte is hewig deur die Engelse artillerie beskiet sonder dat dit deur die Boere beset was. Hulle het daarenteen skutsloopgrawe sywaarts van en voor die hoogte, ja selfs aan die vyand se kant van die rivier gehad.

Vaalkrans, Pietershoogte, Modderrivier, Magersfontein en verskeie ander plekke is ander voorbeelde.

Persoonlik het ek dieselfde by Sannaspos gesien waar De Wet met bewonderingswaardige bekwaamheid sy posisie in 'n onaansien-



**Genl C. R. de Wet**

Foto: **S Dok D**

like spruit se bedding, in die vlakte, voor 'n duidelik sigbare heuwelrug, gekies het. Dié rug sou ongetwyfeld 'n voortreflike posisie gewees het, maar dit het ook geblyk dat een van die Nederlandse attachês en ek — wat verkies het om by De Wet aan te sluit — betreklik veilig in die eerste linie was. Die drie orige attachès wat verkies het om posisie in te neem op die hoogte wat verder agter toe was, was hewig aan vuur blootgestel en een van hulle is gedood.

By Helpmekaar, op die Biggarsberg, het Lukas Meyer stelling ingeneem op 'n besonder lae bergrug voor die eintlike bergrug wat deur die vyand se artillerie beskut is. Dieselfde was die geval by die Vetrivier, naamlik Smaldeel waar De la Rey op 'n soortgelyke wyse te werk gegaan het.

In ooreenstemming hiermee het hulle altyd probeer om hul skanse so min as moontlik sigbaar te maak. Hierin was hulle meesters. Hulle het geweet dat onsigbaarheid nog beter as dekking is.

Lang, aaneengeskakelde, samehangende skutsloopgrawe met 'n wal wat daarvoor lê en wat langs afgebakende terreinstroke te vinde is, kom daarenteen nooit voor nie. Hulle is erger as enigiets anders omdat hulle as 'n uitstekende oriënterings- en konsentrasiepunt vir die vyand se artillerie- en infanterievuur dien. Mens kan probeer om so 'n lang wal soveel moontlik te kamoefleer, maar dit sal tog altyd 'n lyn in die terrein vorm wat betreklik maklik uitkenbaar is.

Die ondiep, breë loopgraafprofiele het ek nooit gesien nòg hoor bespreek nie. Die Boere het diep, nou loopgrawe gemaak. Hulle was dikwels só diep dat hulle klippe of iets dergeliks onder in die loopgraaf moes pak indien hulle moes skiet. Die bodem was minder as twee voet breed. Die grond het hulle gewoonlik nie opgegooi as 'n wal voor die loopgraaf nie. Dit is weggedra en uitgesprei. Dikwels het hulle, om die vyand te mislei, op 'n afstand 'n grondwal hiervan gemaak.

Mens het selde Boeresoldate gesien wat met kop en skouers blootgestel in die loopgraaf staan wanneer hulle skiet. Hulle wou nie graag as vuurskywe vir die koeëls dien nie. Bygevoeg het hulle 'n kopbeskerming van klippe of sandsakke of iets dergeliks gemaak. Ons moet dit beslis aan die soldate leer, anders word loopgrawe, wanneer koeëls om die ore fluit en sand en grond tot dig voor die skut se neus opjaag en die man langsaan sneuwel, slegs dekkingsloopgrawe waarvan die vuur se uitwerking gering bly.

Selfs indien mens die soldate beweeg om omhoog te kom en te skiet, iets wat gewis al moeilik genoeg sal wees, word die skoot inderhaas, sonder om korrel te vat, afgetrek. Ons beskik mos oor voorbeelde uit vroeëre oorloë dat die soldate platgelê het in die loopgrawe en hul gewere op so 'n wyse afgevuur het dat die vuurwapen slegs oor die wal gesteek het. So 'n dekking is slegter as geen dekking nie.

Dat die smal, moeilik sigbare Boereloopgrawe, ook teen mortiere, 'n voortreflike dekking gebied en die uitwerking van eie vuur begunstig het, sal elkeen verstaan.

In die reël was die Boere se loopgrawe of ander verskansings nooit vir meer as tien tot twintig man ingerig nie. Dalk was dit meer die geval dat hulle vir minder bedoel was. Hulle is, afhanklik van die terrein, met tussenruimtes aangelê en was soms verskeie honderde meters van mekaar verwyder.

Wanneer hulle die oop, onbesette ruimte in die voorste linie van die verdedigingsposisie vanaf die sykant kon bestryk, was hulle nie bang vir dié ruimte nie. Daarom het hulle dit dikwels as besonder voordelig beskou om dele van hul strydmag agter afsonderlike, goeie dekkings saam te trek. As gevolg hiervan het daar soms oop, onbesette gapings van verskeie honderde meters ontstaan.

Met hierdie kort loopgrawe is allereers 'n groter frontbreedte verkry. Tweedens het hulle 'n beter beskerming teen vuur uit die flank gebied. Derdens kon, met 'n klein variasie ten opsigte van die onderlinge ligging van die loopgrawe, die rig van konsentriese vuur op bepaalde dele van die voorterrein behartig word. Vierdens het die loopgrawe, wat hulle ooreenkomstig die terreingesteldheid geplooi het, minder sigbaarheid aan die vyand gebied. Vyfdens was hulle makliker om te beplan en aan te lê.

In hul loopgrawe het die Boere dikwels oordekte ruimtes gemaak. By die Tugela het hulle baie spoorstawe hiervoor aangewend, sinkplate daaroor gelê en daarop grond gegooi. Op verskeie plekke het hulle vertrekke gemaak waarin hulle hulself as't ware tuisgemaak het.

Ook het hulle soms beskutte ingange na die verskansings gebou. Die uitvoering hiervan het ewenwel te veel tyd vereis om dikwels by verskansings in die veld toegepas te word. In die algemeen het hulle dit tog nie van groot belang beskou nie, want hulle kon die loopgrawe snags beset. Wanneer die vyand in die omgewing vertoef het, was hulle bereid om heeldag, ja, verskeie dae, in die loopgrawe te lê en vir die vyand te wag.

Vorentoe stuur van versterkings tydens 'n geveg het nie plaasgevind nie. Dit was gedeeltelik omdat die Boere geen reserwes vir dié doel beskikbaar gehad het nie. Die meeste Boere wat aan 'n geveg wou deelneem was reeds vanaf die begin in die eerste linie, terwyl die oorblywendes as 'n hoofreserwe gebruik is.

Selfs indien hulle oor reserwes sou beskik het, dan sou dit in die meeste gevalle onmoontlik gewees het om hulle na 'n loopgraaf oor te stuur wat onder swaar vuur gelê het omdat die agterlêende onbeskermde terrein meer blootgestel was as die vuurlinie. Versterkings is nie aangestuur nie omdat dit spoedig geblyk het dat 'n linie met bekwame skuts in 'n goed ingerigte verskansing self feitlik enige frontaanval kan afslaan.

In die algemeen is die vorentoe stuur van ondersteuning vir 'n linie van skuts, soos



**Boereloopgrawe by Magersfontein.**


Foto: **S Dok D**

gebruiklik tydens vredestydse maneuwers, in die meeste gevalle 'n uiters twyfelagtige maneuwer, nadat dié linie se skuts in 'n hewige stryd gewikkel geraak het. Die linie moet òf só sterk gemaak word as die terrein, die gevegsdoel of die aantal eie troepe dit toelaat, òf die posisie moet sodanig voorberei word dat die ondersteunende troepe, indien hulle nie vanaf 'n ander plek die linie se skuts doeltreffend kan bystaan nie, in dieselfde vuurlinie lê.

Behalwe loopgrawe het die Boere ook omvangryke klipverskansings en klipmure met skietgate, 'n uitstekende dekking, vir die skuts as individue gemaak. Die bekende koppies is naamlik dikwels heeltemal met groot of klein klippe besaai, sodat hierdie klipverskansings reeds op 'n kort afstand in die terrein opgaan. Die vroeër algemeen aanvaarde stelling dat klipborswerings weens klipsplinters en -gruis gevaarlik vir die verdedigers is — is hier nie bevestig nie. Die teenoorgestelde is waar.

Dikwels was daar in die Boereposisie selfs geen spoor van kort, samehangende grond- of klipverskansings nie. Die besetting en inrigting van die posisie was, so te sê, volkome individueel sonder enige ordenende hand van hoër gesag. Elke burger, of twee of drie van hulle, het 'n plek gekies en homself of hulleself daar ooreenkomstig eie smaak en neiging ingerig. Of hulle hulleself wou ingrawe of 'n dekking wou opbou, albei wou doen of niks wou doen nie wanneer hulle verkies het om te volstaan met wat die natuur vir hulle georden het, dit was altyd prakties en in die reël die beste in elke besondere geval.

Ek is van mening dat ons soldate tydens wapenoefeninge baie kan leer. Ek glo dat mens, sonder nadelige gevolge, nog heelwat van die formele oefeninge op die plek kan weglaat en die hierdeur bespaarde tyd vir oefeninge op die terrein kan aanwend. Vir die soldate is dit besonder interessant en hulle neem met belangstelling hieraan deel. Onge-



**Boereskuilings by Magersfontein.**

Foto: **S Dok D**

twyfeld beskik hulle oor meer aanleg om dit te leer as ander Europese soldate. Hulle kan, selfs met ons kort oefentydperke, redelik ver hiermee voortgaan.

Sowel by die rekrute-opleiding as tydens vanjaar se bataljonbyeenkomste [1901] het ek dit taamlik dikwels getoets. Ek het die kompanie in 'n posisie laat marsjeer, 'n skutslinie gevorm en vir hulle gesê dat daar 'n halfuur of 'n uur tyd is om ter plaatse in gereedheid te kom voordat die vyand opdaag. Elkeen bly op die plek waar hy is, sorg met behulp van 'n graaf of 'n pik of op 'n ander wyse dat hy die beste dekking en vuureffek vind en daarna word elkeen se werk en keuse van posisie nagegaan en gekritiseer. Ons het selde oor voldoende grond in 'n posisie beskik om diep, goeie loopgrawe te maak, maar met 'n bietjie vindingrykheid en met 'n uur tot jou beskikking kom mens tog ver.

Dikwels het die Boere hul loopgrawe sodanig aangelê dat die skuts volkome teen frontaal oprukkende aanvallers gedek was, sodat hulle hul vuur nie op dié aanvallers gerig het nie, maar in sywaartse rigting gevuur het op 'n afdeling wat oor 'n ander terreinstrook opruk, terwyl eersgenoemdes op hul beurt bestook is uit 'n ander loopgraaf wat verder sywaarts geleë was.

Daar is ook verskeie voorbeelde dat die Boere meerdere reekse verskansings net bokant en agtermekaar, hetsy opwaarts langs 'n helling, hetsy heeltemal vooraan in die vlakte voor die hoogte of hetsy sywaarts hiervan aangelê het soos by Colenso, Vaalkrans en Magersfontein. Op dié wyse het hulle op 'n paar belangrike punte 'n buitengewoon sterk verdedigingsfront gevorm. Andersyds was hulle, indien hulle ontdek is, kwesbaarder vir die aanvallers se vuur, in besonder vir kanonvuur. Daarom was dit dubbel noodsaaklik dat die verdedigingswerke versteek was.

Daar is ook voorbeelde dat hulle in dergelike gevalle vanuit die agterste linies die vuur geopen het. Terselfdertyd het die voorste linie in sy versteekte posisie onaktief gebly om dan met 'n oorweldigende verrassingsvuur te begin wanneer die aanvallers tot op 'n kort afstand genader het, soos by Colenso, Pietershoogte, Modderrivier en Magersfontein.

Van groot belang en hulp vir die Boere met hul versterkte posisies was die algehele afwesigheid van alles wat blink by die troepe. Hulle het geen sabels, blink knope of rangonderskeidings of blink kastrolle besit nie. Hul vuilgrys klerasie en vlak, breedgerande hoede het met die terrein versmelt.
Dit is ook bekend dat dit vir die Engelse besonderd moeilik was om hulle in die oog te kry. Baie soldate het aan verskeie gevegte deelgeneem sonder dat hulle ooit 'n enkele teenstander gewaar het.

Dele van die Boere se verdedigingstroepe het wanneer hulle 'n gunstige teiken was dikwels hul vuur op dié afdelings gerig wat agter die aanvallers opgeruk het. Laasgenoemdes was, nadat hulle eers aan 'n toevallige beskuting blootgestel was en dan in die vuur beland het wat vir die voorste linie bedoel was, dikwels verplig om hul opmars te staak en dekking te soek.


Daar is voorbeelde dat hulle genoodsaak was om om te draai alhoewel die voorste linie verder opgeruk het.
Die plaas van hindernisse voor die posisie is deur die Boere ruimskoots toegepas. Hier kan ons nouliks iets van hulle leer. Ons het verder gevorder. Meesal is doringdraad gebruik wat of in kronkels en draaie op die veld gelê het òf tussen kort en lang pale gespan was in die vorm van een of meer lang heinings.

b. **Artillerie**

Omdat hul artillerie altyd sterk in die minderheid was in vergelyking met die vyand s'n het die Boere selde 'n gereëlde artilleriegeveg aangeknoop. Hulle het in alle gevalle vermy dat hul kanonne volledig tot swye gebring is. Hulle het die kanonne betyds aan die geveg onttrek om plotseling aan die beskieting deel te neem wanneer die aanvallende voetvolk tot op skietafstand genader het.

Ook hier het hulle hul bekwaamheid in die aanwending van die terrein en die kamoeflage van die kanonne, b.v. agter bome, struike, hoë gras en klippe aan die dag gelê sodat dit dikwels onmoontlik vir die vyand se artillerie was om noukeurig te bepaal waar die kanonne opgestel was.

Dikwels het die Boere hul artillerie agter hoogtes opgestel waar hulle volkome beskerm was teen die vyandelike artillerie wat die Boerekanonne ook nie kon beskiet nie. Daarvandaan kon die Boere soos tydens die geveg om die Hlangwaneseksie, bepaalde gedeeltes van die



**Magersfontein; 'n Kanonskans deur die Boere op 'n koppie gebou.**

Foto: **S Dok D**


naburige voorterrein beskiet. In dié geveg, op 18 Februarie 1900, is die brigade van Hildyard, sodra die posisie op Monte Christo-heuwel ingeneem was, aan 'n geweldige beskieting deur vyf kanonne onderwerp. Hulle was, onbereikbaar vir die Engelse artillerie, agter Green Hill opgestel.

Die Boere het 'n nuwe taktiek vir die gebruik van artillerie gevoer deurdat hulle hul kanonne nooit gesamentlik aangewend het nie. Hulle artillerie was altyd verdeel in groepies van een of twee kanonne wat oor die terrein versprei is. Hierdie metode is in 'n latere stadium gedeeltelik, ofskoon nie só ver nie, deur die Engelse toegepas. Van Engelse artillerie-offisiere wat aan die oorlog deelgeneem het, het ek verneem dat dit die ware Jakob was.

In elk geval bereik mens hierdeur dat jou kanonvuur meer gekonsentreer is as wanneer dit afkomstig is van verskeie kanongroepe wat met 'n onderlinge afstand opgestel is. Tewens is die ontdek van hierdie groepe in die terrein en die daaropvolgende tot swye bring moeiliker, alhoewel dit onmoontlik is om almal tegelyk onder doeltreffende vuur te hou. Aan die ander kant is die lei van die verspreide groepe se vuur en die verbinding tussen hulle moeiliker. Die splits van die Boere se artillerie in afdelings van een of twee kanonne is stellig te ver deurgevoer.

Dikwels het sodanige klein afdelings vanuit hul skuiplek die stryd met verskeie Engelse batterye, wat volgens voorskrif opgestel was, aangebind sonder dat die Boere se geskut vernietig is of dat hulle besonder groot verliese gely het.

Hoewel die artillerie uitstekend bedien en takties aangewend is, het dit tog by lange na nie die uitwerking gehad wat dit moes hê nie omdat die ammunisie van 'n swak gehalte was. Dit geld sowel in verband met beleërings as veldslae.



**Boere-Houwitser by Ladysmith.**

Foto: **S Dok D**

Die Boere het twee nuwighede by die gebruik van artillerie by veldslae ingevoer, naamlik die swaar artillerie waarvan hulle vier kanonne van 15 cm besit het wat hulle verskeie kere nuttig aangewend het en wat nog nuttiger sou gewees het indien die ammunisie in orde sou gewees het, en sekerlik in toekomstige oorloë algemeen gebruik sal word; en die klein snelvuur-artillerie waarvan hulle twee-en-twintig stukke van 3,2 cm besit het.

Hierdie Maxim - Nordenfelt - masjienkanonne skiet vyftig granate van $\frac{3}{4}$ kg per minuut op afstande van ruim 3 500 m. Hulle is aanmerklik ligter as die gewone veldkanon en gebruik twee soorte projektiele, t.w. granaatkartetse met 'n skokbuis en granaatkartetse met 'n harde staalpunt. Die uitwerking is die grootste op harde, klipperige grond. In diep, sagte veld dring die projektiele só diep weg voordat hulle ontplof dat die klein skerwe min uitwerking het.

Na wat ek persoonlik gesien en van ander gehoor het, is ek daarvan oortuig dat hierdie snelvuurkanonne in 'n geveg van groot betekenis sal wees. Sowel teen infanterie as artillerie en kavallerie en hoofsaaklik teen vinnig bewegende doele is hulle uitwerking groot omdat die onophoudelike inslag van granate duidelik gevolg kan word. Dit maak afsonderlike inskiet oorbodig.

Dit is die moeite werd om kennis daarvan te neem dat die Engelse soldate hierdie kanon "the death bell" genoem het as 'n bewys van die morele uitwerking wat dit by teenstanders teweeggebring het. Die Engelse het aanvanklik dié kanonne nie besit nie en hulle aangeskaf nadat hulle die uitwerking daarvan leer ken het.

Self het ek 'n paar keer van naby die geleentheid gehad om hul uitwerking waar te neem. Tydens die aanval op die Boere se posisie by Helpmekaar, 'n nek in die Biggarsberg ongeveer 34 km suidoos van Dundee, op 13 Mei 1900, het die Engelse om 12.30 uur met agt kanonne vuur geopen op 'n hoogte wat 'n vooruitstekende deel van die Boere se posisie

was, maar juis daarom soos gewoonlik, nie deur die Boere beset was nie. Die Engelse kanonne was, op 'n afstand van teen die 3 500 m, volkome onbeskerm in die vlakte opgestel. Hulle was spoedig noukeurig ingeskiet en hul vuur was goed gerig. Na twee uur se beskieting het die Boere 'n Maxim-Nordenfelt op 'n hoogte opgestel en vuur op die Engelse artillerie geopen. 'n Reeks van sewe tot nege skote het gevolg en die Engelse kanon, wat uiters links gestaan het, was in 'n wolk van stof en rook gehul. Na 'n pouse van 'n paar sekondes het 'n soortgelyke aantal skote gevolg. Die kanon langsaan was in 'n wolk gehul. Dieselfde het met al die kanonne gebeur. Daarna het die eerste kanon weer aan die beurt gekom, ens. Na minder as 'n halfuur het ons gesien dat die Engelse perdebespannings vorentoe kom en al die kanonne het in gestrekte draf agter toe gegaan, terwyl die strale uit die Maxim-Nordenfelt hulle, soos 'n brandslang se straal, verskeie honderde meters agtervolg het. 'n Uur later het die vyandelike artillerie, 'n kilometer verder terug en dus buite die skootsbereik van die maxims, weer opgedaag.

Selfs indien mens aanneem dat die omstandigheid dat die Engelse hier oor 'n ander artilleriestelling beskik het waarvanuit hulle veilig kon skiet hulle gemotiveer het om die eerste posisie so vinnig te ontruim, dan moes die enkele masjienkanon die agt veldkanonne in 'n hoë mate gepla het.

As gevolg hiervan het hulle die eerste stelling of posisie opgegee en eerstens 'n volle uur buite geveg gebly en tweedens 'n posisie ingeneem wat heelwat verder weg was.
Volgens die verslag van die Franse attaché, kaptein Demanges, het hy tydens die geveg by Abrahamskraal, op 10 Mei 1900, iets dergeliks waargeneem toe ses Engelse veldkanonne deur een maxim verdryf is.

Na die geveg by Osspruit, noordoos van Bloemfontein, waar die Engelse, 'n verkenningsafdeling van minstens 3 000 man na hul hoofposisie op Tafelkop teruggeslinger is, het die Boere hulle oor 'n heuwelrug op ongeveer drie km van die Engelse se posisie versprei. Ongeveer honderd Boere het 'n klein, steil hoogte links van die heuwelrug beklim, maar op 'n onversigtige wyse hul perde agtergelaat



**'n Maxim-Nordenfeld van die Boere.**

Foto: **S Dok D**

aan die vyand se kant. Ons, die buitelandse offisiere, het met generaal De la Rey langs die heuwelrug gery en was omtrent vyftig meter van die hoogte af toe daar plotseling, 'n granaat oor ons koppe gesuis het wat deur 'n ver verwyderde dreuning gevolg is. 'n Paar sekondes later het 'n tweede granaat in die koppie voor ons neergeslaan. In die volgende oomblik suis en fluit maximbomme rakelings langs ons en slaan hulle met opvallende noukeurigheid midde tussen die perde wat gewei het. Dit is deur die aaklike skerp geluid van die maxim se gehamer gevolg. Voordat die Boere kon wegkom, was 'n paar perde gedood en verskeie beseer. Ook is drie Boere by dié geleentheid gewond.

Ek glo dat dié kanon besonder goed by ons terrein sal pas omdat sy skootsveld meestal kort is.

Wat masjiengewere betref kan ek, op grond van persoonlike waarneming, niks van hul uitwerking meedeel nie. Deur navraag by sowel Boere as Engelse te doen, blyk dit dat hulle in hierdie oorlog weinig nut gehad het, hoewel die Boere, maar veral die Engelse oor hulle beskik het. Die ervaring met masjiengewere skyn te bewys dat hul uitwerking op middelmatige en lang afstande, ten spyte van 'n enorme ammunisieverbruik, uitermate gering op verspreide formasies is. Dit wil ewenwel voorkom dat hulle by die verdediging van afsonderlike nou deurgange, soos toegange tot brue, driwwe en dergelike, 'n rol kan speel.

### c. **Aanval**

Hoewel die Boere se eintlike krag in hul bekwaamheid in verdediging berus het en die meeste gevegte in hierdie oorlog van die Boere se kant verdedigend gevoer is, bestaan daar tog voorbeelde dat hulle ook verstaan het om 'n kleinskaalse aanval uit te voer.
Ek glo dat daar in die algemeen te min aandag aan hierdie klein, aanvallende gevegte en aan die lesse wat hieruit geput kan word, gegee is en dat daar 'n neiging bestaan om te veel op die Boere se verdediging en die daardeur bepaalde resultate te let.

Dikwels het ek ook hoor beweer dat die toestande in Suid-Afrika in alle opsigte só van ons s'n verskil dat mens geen vergelykings kan tref nie. Ek glo dat dit geheel en al onjuis is. Dat dit in staatkundige en strategiese opsig so is, daarmee kan ek wel saamstem. Die toestande met betrekking tot land en klimaat het, net soos die kenmerkende trekke van die twee strydende krygsmagte, van dié van Europa verskil. Maar ek meen dat in suiwer taktiese opsig, die toestand by ons baie ooreenkomste en punte van vergelyking met dié in Suid-Afrika het.

Ek kan twee tipiese voorbeelde van die Boere se wyse van aanval vermeld wat ek in besonderhede ken; die een uit hierdie oorlog, naamlik die aanval op Spioenkop van 24 Januarie 1900, die tweede uit die oorlog van 1880-1881, naamlik die aanval op Majoebaheuwel van 27 Februarie 1881. Albei aanvalle het op presies dieselfde wyse verloop en daar is verder dié ooreenkoms dat 'n kleiner Boeremag 'n groter Engelse strydmag aangeval en uit 'n oorheersende posisie verdryf het.

By die geveg om Majoeba het die Boere onder Joubert en Smit op 'n heuwelrug, Laingsnek, laer getrek. Oor dié nek loop die pad na Transvaal deur 'n pas. Die Engelse het, onder sir George Colley 'n halfmyl van Laingsnek, by Mount Prospect, laer getrek.

Aan die flank van en agter Laingsnek lê die Majoebaheuwel meer as 1 000 voet bokant die Boerelaer wat hy beheers het. Toe sir George Colley deur verkennings verneem het dat hierdie hoogte nie deur die Boere beset was nie, het hy besluit om die heuwel te beset en hierdeur die Boere terug te dwing. Ongeveer 600 man is die nag met dié doel uitgestuur. Na 'n inspannende mars het hulle die kruin kort voor dagbreek bereik, nadat 200 man onderweg in 'n terugval-posisie agtergelaat is.

Toe die Boere die oggend die Engelse troepe op die kruin van die berg sien, was hulle eers baie ontsteld omdat hulle verwag het om van twee kante tegelyk aangeval te word. Hulle het reeds begin om hul terugtog voor te berei. Toe die Engelse rustig bly, het hulle spoedig weer moed geskep en besluit om self aan te val. Generaal Smit het hom aan die hoof van 'n sterk groep van die jongeres gestel en aanvallend opgeruk terwyl generaal Joubert hulle met die vuur van die orige strydmag, in totaal 400 tot 500 man, gesteun het.

Die Engelse is teruggewerp en het halsoorkop gevlug. In dié geveg was hul verliese 92 gesneuweldes, waaronder die generaal, 134 gewondes en 60 gevangenes — in totaal 286 man — terwyl die Boere se verliese slegs een gesneuwelde en vyf gewondes was.



**Genl Piet Joubert, Kommandant-generaal van die Z.A.R.**

Foto: **S Dok D**

By Spioenkop was dit 400 tot 500 Boere wat die oggend deur Louis Botha versamel is nadat dié hoogte die nag by verrassing deur die Engelse geneem was. Die Boere, gesteun deur die vuur van 'n paar veldkanonne en Maxim Nordenfelts, was die eintlike aanvalsmag. Hoe groot die Boere se verliese op dié dag was, is onmoontlik om vas te stel.

In beide gevegte het die Boere se eintlike aanvalsmag hoofsaaklik kruipend opgeruk: Van klip na klip, van bossie na bossie, agter hope, in kuile. Af en toe spring 'n paar mans op en gaan soos blits 'n paar meters vorentoe na die volgende dekking.

Hulle het geen linie gevorm nie, maar was in 'n onreëlmatige bondel versprei. Dikwels was baie van hulle agter mekaar, soms was daar 'n paar mans saam waar die terrein hulle almal dekking bied. Dan weer was daar groot tussenruimtes tussen afsonderlike mans. Hul vuur is nooit gestaak nie. Dit was weliswaar baie spaarsaam, maar daar het altyd 'n groot aantal van hulle met die geweer aan die skouer gelê. Hulle het die verdedigers beskiet so gou hulle hulself gewys het.

Selde het hulle 'n teiken aan die verdedigers se vuur gebied. Dié vuur was, as gevolg van

die aanvallers se wyse van opruk, onreëlmatig en besonder swak gerig.

By geleentheid van generaal White se uitval uit Ladysmith, op 30 Oktober 1899, het mens by Nicholsonsnek iets soortgelyks gesien. Hier het die Engelse vlieënde kolonne onder kolonel Carleton snags 'n hoogte beset en hulle daar tuisgemaak. Hulle is deur die Boere omsingel, van die orige strydmag afgesny en aangeval. Na 'n taai geveg, wat van dagbreek tot diep in die namiddag geduur het, is die hele kolonne gevange geneem. Ook hier was die Boere se getalsterkte die kleinste.

In al drie hierdie gevegte sien mens dus die merkwaardige geval dat, alhoewel hulle aansienlik sterker was, die verdedigers baie groter verliese as die aanvallers ly.

Die aanvalsmetode van die Boere was dus 'n kombinasie van aanval en verdedig. Dit het nooit by hulle opgekom om openlik in reëlmatige kolonnes op te ruk nie. Die Engelse het dit verskeie keer probeer, maar daar is nouliks een voorbeeld in die hele oorlog waarin hulle daarin geslaag het om die Boere — deur 'n frontaanval met 'n stormloop — uit 'n posisie te verdryf. Selfs met 'n strydmag wat verskeie kere groter was en na 'n taamlike lang voorbereiding deur artillerie was dit nie die geval nie. In die gevegte wat hulle gewen het, was daar geen reëlmatige militêre handboek-opmars nie. In die allereerste geveg, by Dundee, het hulle die eerste opmars stormenderhand met dele van die skutslinie, ondersteun deur artillerie, probeer. Hulle is ewenwel herhaaldelik teruggegooi totdat hulle, deur die Boere se vuur, gedwing was om kruipend voort te beweeg. Toe het, danksy hul groot oormag, die frontale aanval geslaag.

By Pietershoogte, dus vier maande later, het hulle nie eenmaal probeer om, terwyl hulle onder vuur was, in die regop posisie op te ruk nie. Hulle het van dekking na dekking gekruip en gelyktydig, op dieselfde wyse, die flanke aangeval. Op dié wyse het hul aanval tenslotte geslaag, sy dit dan ook na 'n stryd van veer-



**Die laer by Paardeberg na die oorgawe.**

Foto: **S Dok D**

tien dae waartydens hulle die een Boereposisie na die ander verower het.

In die geval van lord Roberts se opmars en oorwinning in die Oranje-Vrystaat sien ons dieselfde. Nooit het 'n frontale, gereëlde aanval geluk nie en dit is dan ook, ten spyte van die geweldige oormag, nooit geprobeer nie. Dit was altyd die omtrekkende beweging wat, begunstig deur die uitgestrekte vlaktes, die Boere uit hul posisies verdryf het. Hier is hulle eenvoudigerwys uitgemaneuwer.

Ek meen daarom dat ons uit hierdie oorlog die les kan put dat 'n stormopmars, wat ooreenkomstig ons reglement in die algemeen op die drilterreine in die vorm van 60 tot 80 m hardloop met tenminste een peloton wat hardloop, beoefen word, onmoontlik is. Indien 'n mens sodanig ingesluit is dat hy geen keuse het nie en vorentoe moet beur oor 'n vlakte wat absoluut geen dekking bied nie, dan moet hy met kort en vinnige hardloop, hoogstens oor 'n afstand van 20 m, voortbeweeg. Dan kry die verdediger geen tyd om meer as een skoot te skiet nie. Selfs dit is dan 'n haastige, swakgerige skoot indien hy gelyktydig deur 'n deel van die aanvalsmag bestook word. By die verdedigingsoefeninge in die skutsopleiding in hierdie herfs [1901] het ons ook gesien hoeveel meer 'n 1/1-figuur as 'n 1/3-figuur blootgestel is deurdat tydens beskieting deur 'n oprukkende aanvaller die 1/1-figuur reeds vanaf 700 m 'n groot hoeveelheid kolskote getoon het. Eers op 300 m is 'n noemenswaardige uitwerking op die 1/3-figuur waargeneem. Dit sal nog meer die geval wees wanneer die skietende verdediger self aan 'n koeëlreën blootgestel is. Die onderbreking in die aanvallers se vuur, wat 'n pouse vir die verdediger beteken, word op hierdie wyse ook verkort.

Op ons terrein sal mens tog in die meeste gevalle kruipend opruk. Dit het ek die afgelope somer op die gelyk Jaedervlakte beproef tydens die rekrute-opleiding sowel as tydens die bataljonbyeenkoms. Dit is merkwaardig hoeveel dekking mens selfs op oënskynlik heeltemal oop, uitgestrekte terreine kry. Maar mens moet geen kruipbeweging op die gelyk drilterreine binne 400 m probeer nie. Dit sal geen nut hê nie. Dit moet vanselfsprekend in die veld gebeur om betekenis te hê en hiervoor moet die nodige tyd afgesonder word.
Om 'n aanval met 'n bataljon in minder as 'n uur uit te voer, al is dit slegs oor 'n afstand van 1 000 m, vertroebel die begrippe, skep 'n verkeerde beeld van die geveg en bied geen aanleiding nie om werklik te leer hoe mens jouself gedurende 'n aanval moet gedra. Dit is in geen geval 'n egte aanval nie. Selfs 'n tyd van drie uur vir oefening in verband met aanval is aan die kort kant. Mens behoort in elk geval by elke bataljonsbyeenkoms 'n paar keer die volle benodigde tyd te bestee aan 'n aanval met noukeurige verkenning wat hieraan voorafgaan. Tydens die afgelope somer het ek bevind dat dit besonder nuttig is om 'n hele voormiddag, van 6.30 uur tot 1.30 of 2 uur nm., daaraan te bestee. Daarteenoor kan dan slegs 1 tot 1½ uur aan die namiddagoefening gewy word. Hierdie tydsindeling het ek, gedeeltelik in samehang met bewakingsdienste en marsoefeninge, meermale toegepas. Ons moet ewenwel, sowel by hierdie aanvalsmetode as by die voorgaande, onsself teen skematisering hoed. Soldate en afdelings moet leer om hulle, afhangende van die terrein, vir elke geval in te stel. Hiermee kan ons ver kom met ons mense. Hulle verstaan gou wat verstandig is, toon bygevolg groter belangstelling en leer vinniger.

'n Aanval word, op grond hiervan, heeltemal ongereeld. Volgens my mening moet dit so wees. Af en toe hardloop 'n deel van die skutslinie se manne met 'n vinnige naelloop oor 'n afstand van 10 tot 20 m vorentoe, nou en dan kruip hulle, 'n paar meters op 'n slag, van dekking na dekking, dan weer hardloop hulle oor 'n groter afstand wanneer hulle oor 'n oop strook na 'n volgende dekking moet beweeg. Indien dan, tydens die opmars, 'n deel van die skutslinie, in kleiner verband van 'n kompanie of 'n peloton, oor 'n goeie posisie beskik waarin hulle hul gewere goed kan gebruik en tewens 'n betreklike goeie dekking het, dan moet hulle hier die langste tyd bly lê, dalk tydens die duur van die hele verdere aanval. Van hieruit sal hulle die vyand skade berokken en verontrus en vermoedelik 'n oneweredige groot gedeelte van sy vuur op hulle trek. Hulle sal op dié wyse die aanval doeltreffender bevorder as wanneer hulle vorentoe sou beweeg.

Die werksaamhede van die offisiere, bestaande uit peloton-, troep- en halwe troepaanvoerders wat oor die hele linie verdeel is, bestaan in hul beheer oor die manskappe, hul goeie voorbeeld en hul aanhoudende voorwaartse beweging. Dit spreek vanself dat die offisiere

hierby dieselfde plek as die manskappe moet inneem, hulle moet voorgaan en die goeie voorbeeld gee en aanhoudend voorwaarts beweeg. Hy kan nie sy ordonnanse regop met orders langs die skutslinie laat hardloop of berigte agter toe stuur nie, net so min as bataljonsjefs vanaf 'n plek agter die skutslinie kan lei met tamboers of rydende adjudante nie en die vrae aan die kompaniesjef rig. Mens moet vanaf die kolonel tot die uiterste probeer om die illusie te bewaar en hom so goed as moontlik 'n beeld van die werklikheid skep. Eers daarna kan mens die regte lewe en spoed in die oefeninge kry.

Halwe troepgroepe sal, glo ek, op hierdie wyse weer in eer herstel word as lede in die skutslinie. Die pelotonsgroep is te groot en te moeilik hanteerbaar.

Vanaf die begin moet die soldate by hierdie aanvaloefeninge geleer word om vorentoe te beweeg, selfs al is dit maar 'n paar meter op 'n slag. Soos ons hulle geleer het dat die aanval tot elke prys vorentoe moet beweeg, so moet ons dit nou met eweveel nadruk doen. Die offensiewe element is by die soldaat die belangrikste. Die oorwinning hang hiervan af. Alleen het dit nou, in besonderhede beskou, 'n andere aansien. Mens werp nie langer die teenstander met 'n bajonet uit 'n posisie nie. Dit sou verniet wees om dit te probeer solank hy selfs nog 'n mate van teenstand bied, selfs indien hy ver in die minderheid en sterk bewapen is. Mens moet hom uitskiet: Dit kom daarop aan dat die aanval tot by so 'n posisie vorder sodat dit moontlik word.

Ek betwyfel nie dat dit sal blyk dat ons soldate op hierdie wyse aanmerklik maklik voorwaarts beweeg as wanneer hulle weet dat die verdedigers se vuur sal toeneem en die koeëls op hulle sal reën sodra hulle in hele linies op dieselfde oomblik sal opstaan vir 'n stormaanval sonder dat hulle net so veel vuur kan gee, hoewel juis dan die verdediger hom die meeste moet blootstel. Die aanvallers se vuur word samehangender en daardeur verwoestender vir die verdediger. Ook moet die morele indruk op laasgenoemde groter wees wanneer hy hierdie kruipende en hardlopende linie nader en nader sien kom sonder dat hy kan waarneem of sy eie vuur enige uitwerking het. Dit word mos heelwat moeiliker om te sien hoeveel aanvallers getref is.

Die skatting van afstand en vuurleiding word aanmerklik moeiliker by die verdediger as tydens die storm-opmars. Die teiken word baie kleiner.

Sommiges het met die beswaar gekom dat die kruipende opmars baie inspannender as die ander opmars is, maar ek kan dit nie insien nie. Dit geld wanneer mens voldoende tyd gebruik. 'n Aanval op 'n redelike sterk verdediger neem baie tyd in beslag om te slaag; dit kan dikwels 'n hele etmaal duur. Dikwels sal dit vir die aanvaller selfs heeltemal onmoontlik wees om bedags op te ruk. Hy moet hom tot behoud van die verkrege posisie beperk om snags verder voorwaarts te beweeg en hom, hetsy deur ingrawing, hetsy deur klippe vir dekking te versamel, te verskans.

Ons het voorbeelde van albei gevalle in hierdie oorlog: By Paardeberg het die Engelse infanterie so nag na nag opgeruk. Hulle het leë sakke saamgeneem en met uitgegrawe grond gevul wat onder die omstandighede 'n goeie grondwal voor 'n skutsloopgraaf was.

Op Pietershoogte het hulle lae klipmure gebou. Dit was nie slegs skutslinies nie, maar hulle is ook vir die agterlêende ondersteuning en reserwes aangewend. Die mure is gedeeltelik tydens die geveg gebou. Toe ek die slagveld besoek het, het ek op verskeie plekke selfs twee tot drie van hierdie klipmure gesien wat 'n paar tree agter mekaar gelê het. Hier het 'n kompaniekolonne vermoedelik snags gelê. **Die skrywer gaan daarna, sonder na sy eie waarnemings te verwys, op voorgestelde veranderings in die Noorse militêre voorskrifte in. Hy doen dit op grond van bovermelde waarnemings en insigte wat hieruit, volgens sy mening voortvloei. Vervolgens spreek hy die volgende menings oor verskillende aspekte van die Anglo-Boereoorlog uit — J.P.**

My mening oor die Boereoorlog is dat ons nog meer kan leer van die geringe aantal male toe die Boere aanvallend opgetree het, en van die min kere dat die Engelse se aanval geslaag het, as van die Boere se verdediging en verdedigingsinrigtings. Dié oorlog het, in teenstelling met wat sommiges dikwels in die beginstadium van die oorlog beweer het, volgens my mening bewys dat die aanval in werklikheid tans nie wesenlik moeiliker as voorheen is nie, dat die verhouding tussen die voordele van verdedi-

ging, onderskeidelik aanval, nie wesenlik verander het nie, indien mens sy aanvalsmetode by die veranderde toestand aanpas en dit in vredestyd oefen.

Die Boereoorlog het ook aangetoon wat ons reeds almal geweet het, naamlik dat die verdediging nie die oorwinning besorg nie, maar die aanval. Daarop moet, selfs al moet ons oorlog voer teen leërs wat baie sterker is as ons s'n, ons oorlogsvoering asook dié van ander nasies, gegrondves word. Maar ons sal tog nooit oor soveel mense beskik nie dat ons hul op 'n groot skaal kan opoffer in 'n grootskaalse stormaanval volgens die huidige reëls nie. Ons moet daarenteen, net soos die Boere, met 'n swakker strydmag bereid wees om aan te val en 'n sterker verdediger veris, aandag aan die morele faktore — die oorlogsfaktor — moet wy. Ons moet onthou dat vrye, beskaafde volke geen masjiene is nie. Veral moet ons onthou dat ons oefentyd te kort is om soldate op te lei wat — in stryd met die verstand — na die geringste wenk luister omdat min mense van nature voldoende moed of morele mag besit om blindelings teen 'n koeëlreën op te ruk. En salfs al sou ons hulle daartoe kan kry dan het dit tog weinig nut wanneer die manskappe platgeskiet word.

Die Boere se krag het gelê in die vorming van die enkeling, in hulle individualiteit. Wanneer dit tot die geveg kom, het die enkeling gehandel ooreenkomstig sy vermoë om te dink en sy plek in die terrein te vind, sy wapen te



**Na die oorgawe by Paardeberg; Cronje se manskappe.**

Foto: **S Dok D**

slaan, anders is ons vantevore seker van 'n neerlaag en kan ons, dit is 'n eenvoudige rekensommetjie, net so goed maar dadelik oorgee.

Selfs as ons 'n geveg as verdediger begin, wat ons in die meeste gevalle sal moet doen, dan eindig hierdie rol wanneer die beslissende skote teen die vyand gerig sal word. Die verdediger word dan aanvaller en op dié wyse, wat die Boere nie verstaan het nie, sal ons kan wen. Sou hulle dit verstaan en geken het dan sou hulle vandag oorwinnaars in Suid-Afrika wees.

Ek meen dat ons by vredesoefeninge, in 'n heelwat groter mate as wat mens tans geneig gebruik en met die ander in die rigting van 'n gemeenskaplike doel te werk. Hierdie vermoë is ontwikkel deur die natuur en sy opvoeding.

Dit bestaan by ons volk in 'n hoër mate as by die ander Europese volke. Dit kom dus vir ons, tydens ons besonder kort oefentyd, daarop aan om regstreeks op die doel af te gaan, hierdie vermoë te ontwikkel en geen tyd te vermors met al die formele oefening nie, wat gewoonlik as "gedissiplineerde oefeninge" bekendstaan. Asof dit nie net so gedissiplineerd is nie om oefeninge in die veld en die hiermee regstreeks in verband staande voorbereidende oefeninge te doen is nie, dié wat groot eise aan die soldaat se liggaam en

gees stel en wat volgehoue, groot inspanning van hom vereis!

Hoeveel tyd neem die verskillende geweeroefeninge wat ons nou het nie in beslag nie? Verskeie hiervan lyk vir my oorbodig soos "Presenteer geweer". "Aan die skouer geweer" en die ooreenkomstige handgrepe of die eindelose marsjeer op die drilterrein om die manne in die maat te laat stap of by inspeksie in gelid te hou, of in die besonder die marsgimnastiek?

Dergelike aangeleenthede maak dié militêre diens ongewild by ons en laat die nasie begrip daaromtrent verloor. Dit is oorblyfsels van die ou linietaktiek waarby die afdelings as 'n geslote eenheid moes saamwerk en waarby die individuele soldaat van geen belang was nie. Dit is gevolglik van weinig nut wanneer daar gelet word op die huidige eise wat, tydens sy kort oefentyd, aan die soldaat gestel word.

Die tug wat hierdie oefeninge bybring, werk uitstekend in geslote afdelings, maar die tug wat nog belangriker is, naamlik dié van die verspreide formasies, word hierdeur baie min bevorder.

**Die skrywer gaan verder op hierdie aangeleentheid in, verwys nie weer regstreeks na die Anglo-Boereoorlog nie en is van oordeel dat die Noorse weerman slegs 'n praktiese wyse benodig om sy geweer tydens 'n mars en by ander geleenthede aan die riem oor die skouer te dra sonder om, met die aanleer hiervan, tyd te verkwis. Tewens bepleit kaptein Allum 'n taktiek en drilkuns wat met die huidige verskill en waarin dié vingerwysings wat van die Boere verkry is en hul rudimentêre taktiek wesentlike bestanddele moet vorm — J.P.**

### 3. Ander besonderhede uit die verslag

Bostaande gedeelte vorm, as bylae Nr. 5, ongetwyfeld een van die belangrikste gedeeltes uit die amptelike verslag van die Noorse militêre attaché by die Boeremagte, kaptein J. Allum. Die verslag berus in sy geheel in die Oorlogsargief, Generale Staf XIV A. Nr. 325, gedateer 9 Februarie 1906, wat aanwesig is in die Ryksargief te Oslo, Noorweë.

Ander onderdele van dié verslag het onder meer te doen met:

#### a. Die reisroete

Op 20 Januarie 1900 het kaptein Allum van sy woonplaas, Stavanger, na Kristiana [Oslo] vertrek. Vandaar is hy op 24 Januarie, om 2 300 uur, met die postrein oor Den Haag na Napels waar hy op 31 Januarie 1900 aangekom het.

Op 2 Februarie 1900 vertrek hy met een van die skepe van die Duits-Oos-Afrika-maatskappy na Delagoabaai waar hy op 4 Maart aankom om twee dae later per trein van Lourenço Marques na Pretoria af te reis. Op 7 Maart kom hy in die loop van die aand in die Transvaalse hoofstad aan om op 11 Maart na die front af te reis. Op 21 Mei 1900 vertrek hy van Pretoria oor Lourenço Marques na Durban. Hy kom op 28 Mei te Ladysmith aan en gaan na die Tugelastreek waarvandaan hy op 2 Junie 1900 na Durban terugkeer. Hier aanvaar hy op 3 Junie [aand] die terugreis oor Napels, waar hy op 3 Julie aankom. Hy vertrek die volgende dag na Kristiana, arriveer daar op 8 Julie en kom op 13 Julie te Stavanger aan.

#### b. Gebruik van die reistyd

i. Van 29-31 Januarie 1900 het kaptein Allum in Den Haag, Nederland, vertoef waar hy van die gesant van die Oranje-Vrystaat, dr. H. P. N. Muller, 'n paspoort en die nodige inligtings ontvang het.

ii. In Pretoria, waar hy die uitrusting vir sy verdere reis moes verkry, het kaptein Allum drie dae vertoef. Hy het veral hulp en bystand van die Sweedse ingenieur Uggla ontvang en is sowel deur die Transvaalse as, later, deur die Vrystaatse regering met die grootste voorkomendheid en gasvryheid ontvang en met die ander militêre attachés gelykgestel. Vir gebruik tydens sy verblyf is 'n muilwa met vier muile, 'n ryperd en 'n tent aan hom verstrek. Hy moes, saam met Uggla, sorg dra dat hierdie en ander reisbenodighede in sy besit gekom het. Kaptein Allum was drie dae [8-10 Maart] op Pretoria.

iii. Van 12-26 Maart was hy hoofsaaklik by Kroonstad, aan die front. Hy het sowel met President M. T. Steyn as generaal P. J. Joubert en verskillende kommando's, uitgery.

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 1, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

iv. Van 27 Maart tot 2 April 1900 vertoef hy by generaal C. R. de Wet en neem hy aan laasgenoemde se ekspedisie van Brandfort na Sannaspos deel. Hy woon die geveg by Sannaspos by.

v. Van 3 April tot 2 Mei vertoef hy, saam met die ander militêre attachés, hoofsaaklik aan die front by Kroonstad. Hy neem met verskillende kommando's onder generaals J. H. de la Rey en Tobias Smuts en luitenant-kolonel S. P. E. Trichardt [Transvaalse Staatsartillerie] aan verskeie kleiner ekspedisies deel en was onder meer op 30 April by die geveg by Osspruit aanwesig.

vi. Van 3 tot 8 Mei neem hy deel aan die terugtog van Brandfort na Kroonstad en was hy onder meer by die gevegte by Brandfort en Vetrivier aanwesig.

vii. Van 9 tot 10 Mei het hy met die ander militêre attachés na Pretoria teruggereis omdat die Boeremagte in die Oranje-Vrystaat volledig ontbind was.



**Genl J. H. de la Rey.** Foto: **S Dok D**

viii. Op 11 Mei 1900 het kaptein Allum en die ander attachés Pretoria verlaat en na Biggarsberg, Natal, afgereis waar hulle die geveg by Helpmekaar [13.5.1900] aanskou en aan die terugtog oor Dundee na Newcastle [14 en 15.5.1900] deelgeneem het.

ix. Op 16 Mei het die terugkeer na Pretoria gevolg waar kaptein Allum tot 20 Mei besig was om die versamelde informasie aangaande die Boere en hul militêre organisasie aan te vul.

x. Op 21 Mei het hy na Delagoabaai vertrek om op 22 Mei met die stoomskip "Gironde" na Durban te vertrek. Die ander militêre attachés het in Pretoria gebly waar hulle hulleself op 5 Junie 1900 aan lord Roberts oorgegee het **[Die Russiese militêre attaché, kolonel R. Gurko, was in Augustus 1900 aanwesig by die slag van Berg-en-Dal, C. de J.]**

xi. Die "Gironde" was te laat en kaptein Allum het van 22 tot 26 Mei te Lourenço Marques gewag, waardeur sy verblyf aan die ou gevegsfront in Natal met drie tot vier dae verkort is.

xii. Van 29 Mei tot 2 Junie 1900 het hy die gevegsterreine rondom Ladysmith en langs die Tugela besigtig.

c. **Uittreksels uit die dagboek**

Op 8 Maart 1900 het kaptein Allum te **Pretoria** aangeteken dat daar 'n groot verskeidenheid van passasiers is wat nou met die lynskepe van die Duits-Oos-Afrika-maatskappy reis. Uitgesonderd drie medici wat deur die Switserse Rooikruis uitgestuur is, was hulle avonturiers van alle nasies, hoofsaaklik Duitsers en Nederlanders. Soos dit later geblyk het, het almal dieselfde doel — die oorlogstoneel in Suid-Afrika — voor oë gehad. Dit kon hulle nie openlik erken nie want dan sou hulle nie kon deurkom nie. 'n Paar moes op 'n jagtog vanaf Delagoabaai en het hael- en ander gewere by hulle gehad, terwyl ander op 'n plesierreis was en gevrees het dat die oorlog dit sou belemmer. 'n Sekere persoon wou 'n koffieplantasie aanlê. In die Britse kolonies Mombassa en Zanzibar het 'n aantal Britse offisiere en vrywilligers aan boord gekom.

Buitekant die toegang na **Delagoabaai** is die skip deur twee Britse oorlogskepe, wat voortdurende daar gekruis het, gepraai. In die hawe het nog drie Britse oorlogskepe, twee Portugese oorlogskepe, 'n Franse-, 'n Duitse- en Nederlandse oorlogskip gelê.

Na aankoms het die passasiers hulle na hul onderskeidelike konsuls gehaas om hul papiere onderteken te kry. Vandaar is hulle na die Transvaalse konsul wie se toestemming vereis is om die Zuid-Afrikaansche Republiek binne te gaan, en ten slotte na die Portugese konsul sonder wie se handtekening niemand van Delagoabaai na die binneland mog vertrek nie. My papiere was in orde, aldus kaptein Allum, en alles het vlot verloop. Hy het selfs 'n kostelose treinreis gekry en is, sowel in die Portugese kolonie as in die Zuid-Afrikaansche Republiek, van grenskontrole vrygestel.

Hy het homself afgevra hoe die ander deur die streng kontrole kon geglip het aangesien daar onlangs, deur die Portugese goewerneur, 'n omsendbrief aan die buitelandse konsuls gestuur is met die versoek om die reisigers wat na Transvaal wou gaan, te laat sweer dat hulle nie voornemens is om aan die krygsverrigtings deel te neem nie.

'n Deel van die Duitse "jagters" is teruggehou en hul klerasie en wapens is in beslag geneem. 'n Dag later het hulle 'n poging onderneem om sonder vergunning die reis voort te sit. Hulle is per trein na die Portugese grens. Daar het hulle van die trein afgeklim om te voet oor die grens te gaan. Dit het hulle vermoedelik nie geluk nie want kaptein Allum het niks weer oor hulle gehoor nie

By **Komatipoort,** die Transvaalse grensstasie, was 'n grenswag van 200 man. Hier is al die ander passasiers aan 'n besonder omvattende ondersoek onderwerp. Nie alleen klerasie en bagasie nie, maar ook private briewe en papiere is deurgesoek. Die meeste reisigers het slegs 'n treinkaartjie tot die grens gekoop en is toe verder op koste van die Staat vervoer om hulleself as vrywilligers te laat inskryf.

Hierdie deel van Transvaal is, so vermeld kaptein Allum met verwysing na die roete vanaf **Komatipoort** na **Pretoria,** vrywel nie deur die oorlog beroer nie. Die verkeer was iets minder terwyl daar 'n paar leegstaande huise was wat aan Engelse behoort het wat uit die land gesit is of vrywillig vertrek het toe die oorlog uitgebreek het.

Die meeste spore van die oorlogstoestand was dat daar by brûe, tonnels en ander kwesbare plekke 'n paar mans waggestaan het.

Op stasies het mens soms een of 'n paar mans met 'n verband om die kop of die arm of 'n vrou gesien wat in swart aangetrek was. Almal was vol goeie moed en het grootgepraat dat die Engelse uit Transvaal verdryf sou word. Die teenspoed wat hulle in die jongste tyd ondervind het, het hulle nie swaar opgeneem nie. Hulle het eintlik baie min geweet wat gebeur het en was nie in staat om die draagwydte daarvan te beoordeel nie.

Te **Pretoria** het die militêre attaché op 9 Maart aangeteken: "Hier, in Pretoria, bespeur mens meer van die oorlog. Boere met geweer en bandelier oor die skouer beweeg vinnig deur die strate. Troppe ongesaalde perde word uit die omgewing na die Staatsstalle gedryf. Die hotelle is heeltemal beset, merendeels deur vrywilligers wat losies op rekening van die Staat ontvang het terwyl hulle vir hul uitrusting en bewapening gesorg het. 'n Groot aantal leë huise en bedrywe toon aan hoe talryk die Engelse in hierdie stad was. Die masjienwerkswinkels is bedrywiger as ooit tevore, maar nou hoofsaaklik as wapenfabrieke".

Omdat ten tye van die uitbreek van die oorlog die invoer van ammunisie en ander krygstuig gestaak is, het die Boere op 'n besliste wyse tot die vervaardiging oorgegaan van wat hulle nodig het. Die N.Z.A.S.M.-spoorwegwerkwinkel, onder leiding van 'n Sweedse ingenieur, mnr. Uggla, het die voortou geneem. Groot moeilikhede moes oorwin word omdat hulle nie oor masjienerie en geskoolde werkers beskik het nie, maar die nood maak mens vindingryk en nou verloop alles goed. Granate en granaatkartetse is gegiet, ontstekingsbuise [tyd- en perkussie- ontstekingsbuise] is vervaardig, terwyl masjiengeskut en kanonne herstel is. 'n "Long Tom" is op 'n uitstekende wyse herstel nadat die Engelse die mond en 'n deel van die loop opgeblaas en die sluitstuk weggeneem het. Hulle het selfs 'n nuwe houwitser vervaardig. In die dinamietfabriek is vrywel rooklose kruit gemaak, hospitaaltreine besonder prakties ingerig, e.d.m.

**Pretoria** lê in 'n breë vallei wat deur heuwelrûe omring is wat van 300 tot 400 voet styg. Op die belangrikste hoogtes is vier besonder sterk forte gebou en 'n kruitmagasyn is in die berg uitgeskiet. Vandaar loop, aldus kaptein Allum, gange met spoorstawe na die forte. Hierin is besonder groot voorrade van alle soorte versamel en die mense sê dat die voorneme bestaan om hier vertwyfelde teenstand te bied. Hulle glo dat hulle 'n redelike tyd sal kan standhou.

Hierop lewer kaptein Allum die volgende kommentaar:


"Dit is na my mening nie moontlik nie. Eerstens is vier geïsoleerde forte sonder 'n spoor van ander verskansing reeds ontoereikend, tweedens besit hulle nie eers voldoende kanonne vir hierdie forte nie. Afgesien van die vier "Long Toms" [15,6 cm kaliber] wat nou almal ingeskakel is by die oorlog op die grense, het hulle slegs veldartillerie, masjiengeskut en 'n paar houwitsers. Tans is daar nie 'n enkele kanon in Pretoria te vind nie. Waarskynlik is die oorlog beslis en is die Boere lankal versprei voordat hulle hier is, indien dit nie geluk om die Engelse in die Oranje-Vrystaat of aan die Vaalrivier teen te hou nie."

Op 9 Maart 1900 is kaptein Allum deur Staatspresident S. J. P. Kruger ontvang en het hy aangeteken:

"Ek het vandag die eer gehad om deur President Kruger ontvang te word en is deur Staatsekretaris Reitz, 'n voormalige president van die Oranje-Vrystaat, binnegelei. Ek het die indruk gekry dat die president en die ander in die regeringskantore alles as oneervol verlore beskou, maar tog nie van plan is om hulle voor 'n lang tydsverloop oor te gee nie."

Op **Brandfort** het die militêre attaché op 13 Maart 1900 in sy dagboek geskryf dat daar 'n verwarde bedrywigheid op die spoorlyn tussen Pretoria en Bloemfontein geheers het. Vanaf Bloemfontein is trokke, loko's en allerlei ander spoorwegmateriaal noordwaarts gestuur opdat dit nie in vyandelike hande sou val nie, terwyl 'n paar treine ook gewondes en mense wat met hul huisraad uit Bloemfontein vlug, vervoer het.

Van Pretoria het die een eksprestrein na die ander gekom. In hierdie treine was oorlogsmateriaal en generaals en ander hooggeplaastes wat na byeenkomste moes gaan. Tussen Vereeniging en Brandfort het kaptein Allum nie minder as veertien treine verbygegaan nie. Daar is hulle verskeie ure opgehou. Sy plek van bestemming was Bloemfontein, maar in



**Genl De Wet se kommando besig om 'n drif oor te steek.** Foto: **S Dok D**

die loop van die aand van 12 Maart het hy berig op Brandfort ontvang dat die Engelse waarskynlik reeds die volgende dag die hoofstad sou binneruk. Daarom het hy op Brandfort afgeklim en hom by die buitelandse attachés aangesluit wat daar hul kamp gehad het.

Vroeg op 13 Maart 1900 is kanonskote uit die suide gehoor. Op grond hiervan het kaptein Allum na die spoorbrug oor die Modderrivier, ongeveer halfpad na Bloemfontein, gery. Hy is saam met 'n kaptein van die ordonnansafdeling en sommige van sy mense wat die brug sou opblaas. Tot nou toe was daar nog geen voorbereidings getref nie, terwyl daar ook nog geen dinamiet was nie. Die opblaas het 'n paar dae later geskied.

By die Modderrivier is 'n groot skare Boere ontmoet wat langs hierdie pad teruggeval het. Na die onvoorspoedige geveg in die môre het generaal De Wet met die hoofmag en die res langs die hoofpad oor Winburg teruggetrek. Sy kolonnes kon anderhalwe myl ver weg gesien word. Die terugtrekkende Boere het in groepe van tien tot twintig man gekom. Hulle was, sonder enige teken van orde of bewaking, oor die hele vlakte versprei. 'n Paar het stilgehou by die Modderrivier, ander het verder getrek.

Generaal Joubert het inmiddels met 'n ekstra trein gekom en probeer om hulle te versamel en te beweeg om 'n uitstekende posisie aan die noordekant van die berg te beset, maar hy het nie daarin geslaag nie. Almal wou na die noorde, dit het gelyk asof alles in algehele ontbinding verkeer het. Gelukkig vir die Boere het die Engelse hulle nie agtervolg nie anders sou hulle maklik hierdie belangrike brughoof kon bemagtig het.

Omdat daar nou nie meer eie troepe tussen die militêre attachés en die Engelse was nie en dit wou voorkom dat die Engelse dié attachés wat hulle gevange geneem het, vasgehou het, het die oorblywendes waaronder kaptein Allum, besluit om terug te gaan na

Kroonstad en daar voorlopig die verdere ontwikkeling van die oorlog af te wag.

Op 16 Maart 1900 het kaptein Allum die volgende aantekeninge op **Kroonstad** gemaak. Allereers dat al die beskikbare militêre attachés, te wete die Franse artillerie-kaptein Demange en sy adjudant, luitenant Duval, die Amerikaanse kaptein Reichmann en die twee Nederlandse attachés Asselbergs en Nix op Kroonstad aanwesig was.

Tewens vermeld hy dat hy, op dieselfde dag, saam met die Franse attachés, deur die Vrystaatse president ontvang is. Kroonstad was sedert 'n paar dae die setelplaas van die regering waar die Boeremagte versamel en uitgestuur sou word.

Kaptein Allum skryf verder:

"Hier bestaan die wonderlikse, vreemdste bedrywighede wat ek nog teengekom het: Alle hotelle en huise is oorvol, orals in en om die dorp is klein laers, 'n onophoudelike stroom van ongesaalde perde, muile en osse beweeg in klein troppe met 'n paar ruiters met geskreeu en pistoolagtige sweepslae deur die dorp. Alle nasies en velkleure is verteenwoordig en daar heers die mees babelse spraakverwarring. Dit is nie soos by groot militêre konsentrasies in my vaderland nie, waar daar te midde van verwarring en bedrywigheid 'n besturende hand te bespeur is. Maar tog is dit hier in wese nie so verward en reëlloos soos dit vir 'n nuweling skyn nie.

Hier is militêre attachés, dokters, siekeverpleegsters, gereëlde en ongereëlde Boeretroepe, vrywilligers van alle soorte wapens [sowel manskappe as offisiere] en verder baie persone wat ek byna vrybuiters moet noem omdat hulle nie aan die een of ander afdeling behoort nie. Hulle gaan daarenteen op die een dag saam met 'n bepaalde groep, die volgende dag met 'n ander; hulle wil nie onder 'n bepaalde bevel staan nie, maar beoefen die oorlogvoering soos 'n sportsoort of jag. Ek ontmoet waarlik baie beskaafde mense uit die beste families, dikwels eersteklas mans wat voortreflik daaruit sien, met 'n uiters beskaafde gedrag en gespuis van die ergste soort. Baie van hulle trek van die een oorlog na die ander. Ek het gesels met mense wat aan die Grieks-Turkse oorlog deelgeneem het en op die eiland Kuba en in Manilla was".

Dan vertel kaptein Allum van die uniforms wat hy gesien het:

"Watter uniforms dra nou al hierrdie mense? Nie 'n enkele uniform nie of, beter gestel, elkeen het sy eie uniform. Die algemeenste, gemeenskaplikste kenmerk is gewere met bandeliers oor die skouer en die breedgerande hoed. Verder dra elkeen wat hy besit indien dit slegs nie al te nuut is nie. Baie van die meer welgestelde vrywilligers het vir hulleself 'n fantasie-uniform vervaardig, 'n hoed met 'n wapperende volstruisveer en 'n goue rand, 'n baadjie wat afgesit is met 'n oranjegeel of 'n groen band, skouerbelegsels met tresse, wit- of geel knope, strepe op die broek, hoë skagstewels, met spore, kokardes op die bors en die hoed en 'n rewolwer oor die skouer".

Kaptein Allum het die Boeremagte, gedeeltelik sonder bevelhebbers, orals versprei aangetref. Baie van hulle, in besonder die Vrystaters, was moeg van hierdie lang veldtog en hulle het na hul huise, hul gesinne en plase verlang. Baie het, nadat Bloemfontein geval het, sommer huis toe gegaan. Onder dié omstandighede het president Steyn dit die beste gevind om die Vrystaters 'n paar dae lank huis toe te laat gaan om hulle daarna weer bymekaar te roep. Dit sou geskied wanneer die groot krygsraad aan die einde van die week sou vasstel hoe die oorlog verder gevoer sou word. Verskeie duisende Boere was, met en sonder verlof, afwesig. Sou hulle terugkom? het kaptein Allum homself afgevra. En hy antwoord: Dit skyn 'n gevaarlike proefneming te wees. Sou die Engelse in die loop van hierdie dae opgeruk het, sou hulle ongetwyfeld ver noordwaarts gevorder, die beplande vergadering versteur en troepe-afdelings wat uit die suide teruggetrek het, afgesny het. Nou kry die Boere die geleentheid om saam te trek en opnuut te organiseer, aldus kaptein Allum.

Op 18 Maart skryf hy verder:

"Gister het ek 'n groot krygsraad, gelei deur presidente Steyn en Kruger, bygewoon. Ongeveer veertig van die Boereleiers, onder wie Joubert, De Wet, De la Rey, Cilliers, Botha, Villebois en ander, was aanwesig. Dit was in die oë van ons, wat gewoond is aan uniforms, 'n wonderlike byeenkoms van oorlogvoerende Boere. Daar was nie eers 'n aanduiding van 'n uniform nie, nouliks 'n enkele wit hemp; maar praat kon hulle almal goed. Vlot en vol uitdrukking het hulle hul mening uitgespreek. Verskeie van hulle het blykbaar 'n natuurlike gawe as leëraanvoerder en het

noukeurig geweet waarin die Boeremagte se krag en swakheid geleë was. Hulle het nie moed verloor nie en was nog nie van plan om die stryd gewonne te gee nie. Hulle is sterk, bruingebrande en bebaarde mans met besliste gelaatstrekke en 'n rustige, selfbewuste gedrag. Sou hulle en hul manskappe oor meer militêre kennis en opleiding beskik het, dan sou dit reeds afgelope gewees het met die Engelse se heerskappy in Suid-Afrika, aldus kaptein Allum.


Die kaptein deel verder die volgende besonderhede mee:

"President Kruger het die byeenkoms met gebed geopen. Daarna het president Steyn 'n oorsig van die bestaande toestand gegee en geëindig met die aanbeveling van 'n nuwe gevegswyse vir die Boeremagte, die sluipoorlog [guerrilla], omdat die Boere in hierdie oop land nie langer sterk genoeg was om, teenoor die oorweldigende massa's van die teenstander wat hulle van al kante oorstroom, vaste posisies te behou. De Wet het die voorstel sterk aanbeveel en het begeer dat hulle [die Boere] meer aanvallend te werk sou gaan en wel hoofsaaklik teen die Engelse se verbindings en dan liefs deur klein, vinnige afdelings sonder tros en gelyktydig aan beide kante. Nadat nog ander hul instemming hiermee uitgespreek het, het die krygsraad besluit om hierdie plan uit te voer.

De la Rey het daarna, in 'n taamlike lang toespraak, betoog dat die huidige leërindeling heeltemal onbevredigend is. Die kommando's is te groot en onbevredigend en die groot walaers agter die posisies is 'n gevaar en hinder die Boere in hul bedrywighede.

De Wet het saamgestem en dit met verskeie voorbeelde bekragtig: Die afdelings behoort nie groter te wees as 500 man nie omdat die Boere, met dergelike afdelings kan oorlogvoer, maar nie met leërs van duisende kan maneuvreer nie. Ook hiermee het die krygsraad saamgestem.

Ooreenkomstig De Wet se voorstel is ook goedgekeur dat 'n krygshof van sewe lede



Vlnr; Genls Lucas Meyer, Louis Botha en Erasmus. Foto: S Dok D

opgerig word wat offisiere, wat hul plig versuim het, sou kan dagvaar, veroordeel en afsit. Daarna is, na 'n klemmende vermaningsrede deur president Steyn tot die offisiere om hul plig tot die uiterste te doen en nie moed te verloor nie, die sitting opgehef".

Op 21 Maart teken kaptein Allum op Kroonstad aan dat hy die vorige dag met president Steyn en generaal Joubert per trein na die suide gereis het vir inspeksie en om die troepe te bemoedig wat laer getrek het by Ventersburg Road-stasie, Sandrivierbrug en die Smaldeel/Winburg Road-stasie. Daar was slegs 600 tot 700 man met een battery en ses masjienkanonne, almal Transvaalse Boere. Die stemming was orals uitstekend; almal was vasberade om stand te hou.

Vandag, so gaan kaptein Allum verder, begin die Vrystaters na die einde van hul verlof saamtrek. Dit wil voorkom of hulle van die verlies van Bloemfontein herstel het. Indien die Engelse nog 'n paar dae met hul opmars wag, sal ook die Vrystaatse Boere heeltemal georganiseer wees.

Die Engelse het kosbare tyd verloor. Die komende weke sal bewys of die Boere verstaan het om dié tyd te gebruik. Daar skyn ewenwel te min beplanning en te weinig leiding in hul ondernemings te wees. Baie tyd word gemors.

**Brandfort, 2 April.** Dit is baie opmerklik hoe onverskillig die Engelse hulleself keer op keer in verband met hul bewakingsdiens toon. In 'n besonder stil nag, op 'n oop vlakte, in hierdie helder, dun lug waarin perdegetrappel kilometers ver gehoor word, laat hulle 'n afdeling van 400 man te perd tot op 1 800 m afstand nader terwyl 'n ander, nog groter afdeling om hulle trek sonder dat hulle dit bemerk. Ek glo nie eers dat bewakingsafdelings uitgestuur is nie; in elk geval kon ons niks daarvan gewaar nie. Sou hulle hul bewakingsdiens behoorlik uitgevoer het, dan sou hulle ons moes opgemerk het en dan sou dit ons gewees het wat onaangenaam verras sou gewees het.

Saans het die oorblywende attachés en ek teruggeval in die rigting van Brandfort omdat ons perde só uitgeput was dat hulle 'n paar dae rus benodig het voordat ons daaraan kon dink om die verdere operasies van die Boere te volg. Ons het op 'n plaas, halfpad na Brandfort, oornag en die slaap van die regverdiges geslaap nadat ons drie nagte sonder slaap of met slaap in die veld klaargekom het. Om sesuur die oggend het die gasheer ons wakker gemaak. Hy het binnegestorm met die uitroep "Two hundred lancers have occupied a kopje 500 yards away!" Ons kom orent. Ons het vinnig aangetrek en met die opgesaalde perde agter die huise, deur die tuin agter 'n klein hoogte gesluip, spore in die perde gedruk en, oortuig dat dit klaar met ons en ons uitgeputte perde sou wees indien die Engelse ons in die oog sou kry, langs 'n ompad in die rigting van Brandfort weggegalloppeer.

Nadat die Engelse, die Russiese- en die een Nederlandse attaché gevang en hulle nog nie vrygelaat het nie, was ons naamlik uiters bevrees om te digby die vyand te kom.

**Brandfort, 6 April.** Vandag het ek berig ontvang dat die Nederlandse attaché luitenant Nix, wat deur 'n kartetskoeël gewond is in die geveg by Sannaspos, in die hospitaal in Bloemfontein oorlede is. Die tweede Nederlander, luitenant Asselbergs, wat hom vergesel het, lê op dieselfde plek siek aan tifus. Vanmôre het die Russiese attaché, luitenant kolonel Gurko, en die Nederlander, luitenant Thomson, wat op 10 Maart by Abrahamskraal gevange geneem is, aangekom. Na baie wedervaardighede het hulle eindelik toestemming gekry om, langs die kus, oor Kaapstad na Delagoabaai, na die Boere terug te keer. Nou is ons dus weer die ou aantal attachés, naamlik ses.

**Brandfort, 30 April.** Na 'n taamlike lang tyd van betreklike onaktiwiteit, slegs gevul deur deelname aan patrollieritte en die versamel van inligting, het ons weer die kans gekry om 'n klein geveg te sien.

Om agtuur die oggend het 'n berig gekom dat die Engelse met kavallerie, artillerie en infanterie verby die plaas Erve, ongeveer 16 km van Brandfort, opruk. Ons het ons perde vinnig opgesaal en uitgetrek. Tegelykertyd het ons die eerste kanonskote en die gehamer van die Maxim Nordenfeldts gehoor en gemeen dat die geluid van 'n plek aan die ander kant van Erve, waarskynlik in die omgewing van Osspruit, kom. Tydens die hele rit het ons skote gehoor. Om elf-uur het ons by 'n hoogte aangekom vanwaar ons die geveg op die vlakte, op 'n afstand van ongeveer vier km, kon sien. Die Engelse, wat in twee kolonnes, onderskeidelik van 1 000 man met

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 4 Nr 1, 1974. http://scientiamilitaria.journals.ac.za



**Creusot-kanon gebruik deur die Boere by Ladysmith.** Foto: **S Dok D**

een Maxim Nordenfeldt, en 1 500 man met ses kanonne verdeel was, het 'n poging aangewend om die kommando's van Ermelo en Wakkerstroom te omtrek, maar dié kommando's het met 800 man posisie ingeneem en is kort daarna met een Maxim-Nordenfelt en twee Creusot-kanonne versterk. Na 'n kort geveg is die Engelse teruggedryf, waarskynlik was die slegs 'n omvangryke verkenningsgroep. Die agtervolging deur die Boere was baie swak en is met klein afdelings gedoen wat oor die hele vlakte versprei was.

Ons het by agtervolgende Boere aangesluit en ten slotte by 'n heuwelrug aangekom op 'n afstand van ongeveer 3 km van die Engelse wat halt gemaak en met hul hele mag posisie ingeneem het op 'n afstand van ongeveer agt km van die plek waar hulle eers teruggedryf is.

'n Deel van die Boere [ongeveer 200] het van hul perde afgeklim en op 'n koppie links op die heuwelrug gegaan. Hulle was so onversigtig om hul perde aan die voet van die koppie, aan die kant wat na die vyand gekeer was, bymekaar te bring. Ons het met generaal De la Rey van regs, in die rigting van die koppie, aangery gekom en was ongeveer vyftig meter regs van die perde toe ons plotseling 'n kanonskoot hoor. Die volgende oomblik suis 'n granaat naby oor ons koppe. 'n Paar sekondes later het 'n ander granaat ingeslaan in die heuwel vlak voor ons. 'n Oomblik later suis en fluit Maxim-bomme naby ons verby en val met 'n opvallende trefsekerheid gevolg deur die onheilspellende skerp geluid van die gehamer van die Maxim-kanonne tussen die perde wat wei.

'n Oomblik daarna het die Boere van die koppie af ondertoe gehardloop, op die perde gespring en na regs, agter die heuwelrug gegalloppeer, waar ons was, terwyl die Maximgranate teen die koppie suis. 'n Paar granaatkartetse van die kanonne het digby ingeslaan, maar sonder om skade aan te rig. 'n Paar perde is gedood en gewond, terwyl 'n drie-

tal Boere by hierdie beskieting met Maxim-granate gewond is.

Die Boere het hulle toe verder teruggetrek, en teen twee-uur nm. was alles verby, waarna ons na Brandfort teruggekeer het. By hierdie geveg het die Boere ses gewondes en die Engelse twaalf gesneuweldes en twaalf gevangenes opgeloop. Ons het vyf gesneuweldes en drie gewondes op die slagveld gevind.

**Kroonstad, 8 Mei [1900].** Eindelik, na byna sewe weke oponthoud in Bloemfontein, het die Engelse weer begin opruk. Sou hulle terstond na die inname van Bloemfontein opgeruk het, dan sou hulle sonder enige stryd Kroonstad bereik en daar die lang rustyd gebruik en geherorganiseer het. In die eerste plek sou hulle meteens die hele Oranje-Vrystaat verower en die Vrystaters verhinder het om opnuut saam te trek. In elk geval sou die Vrystaters nie dié honderde gewees het nie wat later, nadat die president en die regering gedwing was om hul verblyfplek buitekant die land se grense te verplaas, teenstand sou bied. Dit was soveel te meer die geval daar die president en die orige gesagdraers se persoonlike reise na verskillende dele van die land, met die doel om die Boere saam te trek en te bemoedig, dan onmoontlik sou gewees het. In die tweede plek sou die morele uitwerking van die vinnige opmars ook op die Transvaalse Boere buitengewoon groot gewees het, terwyl hulle nou in staat skyn te wees om die oorlog tot in die oneindige uit te rek, aangesien die Engelse — na die betreklike kort mars van Kimberley na Bloemfontein — sewe weke benodig het om weer op kragte te kom.

In die derde plek sou die Boere-troepe uit die suide [ongeveer 6 000 man onder generaals Grobler en Lemmer] maklik afgesny gewees het met hul groot tros van waens of, in elk geval, na betreklik min weerstand versprei gewees het, terwyl hulle nou vir 'n groot deel saam met ander Vrystaters in Transvaal gaan intrek en die oorlog sowel daar as hier sal voortsit.

Vierdens sou nie die spoorlyn met die brûe oor die Modderrivier, die Vetrivier en die Sandrivier verwoes gewees het nie. Daaraan is slegs verskeie dae nadat Bloemfontein ingeneem is, gedink en dit is daarna uitgevoer.
Ek het vroeër twyfel uitgespreek of die Boere bekwaam genoeg sou wees om hierdie kosbare tyd, wat deur die Engelse verloor is, te gebruik en of hulle verstaan om, met 'n noemenswaardige resultaat, 'n sluipoorlog te voer. Slegs een van hul generaals het tot dusver, altans gedeeltelik, vermag om dié tyd te gebruik en geprobeer om die besluit van die krygsraad van 17 Maart uit te voer, te wete om met voortdurende aanvalle met vlieënde kolonnes die vyand se flanke en rug te bedreig, sy verbindings af te sny en hom op dié wyse uit te put. Generaal Christiaan de Wet het die Engelse op 31 Maart by Sannaspos, drie dae later 'n tweede afdeling tussen Dewetsdorp en Reddersburg, en vier dae later nog een by Wepener verras, maar hy het hom daarna laat verlei om laasgenoemde afdeling byna drie weke lank te beleër in plaas van met sy vlieënde kolonne verder te gaan na die spoorlyn suid van Bloemfontein.

Die ander generaals het niks geprobeer en niks uitgerig nie. Meer as vier weke het hulle met hul voltallige kommando's werkloos rondom Brandfort gelê en slegs skermutselings gehad met dié vyandelike afdelings wat as sterk verkennings- of strooptogpatrollies e.d.m. uitgestuur is. Hulle kon gewis die Engelse nog groter skade wes van Bloemfontein berokken het as De Wet oos daarvan gedoen het. Veral in die eerste deel van hierdie tydperk voordat die brûe oor die Oranjerivier herstel is, het daar daeliks groot transporte tussen Kimberley en Bloemfontein verbygegaan. Hulle was dikwels swak begelei deur 100 man. Met hul kennis van die land en groot beweeglikheid sou die Boere 'n goeie insig besit het om die spoorwegverbindings met die suide te verbreek. In elk geval sou hulle die Engelse belet het om uit te rus en om hul voorrade op hulle toekomstige basisse te versamel en hulle planne rustig voor te berei, om nie te praat van die groot morele uitwerking van sodanige oorvalle op transporte, die afsny van klein afdelings, die opblaas van spoorweë ens. op sowel die Engelse as die Boere sou gehad het.

Die Boere is te gering in aantal om stil te lê en af te wag dat die Engelse in oorweldigende massa's in die oop land moet opruk. Gevolglik moet hulle die stryd verloor.

Op 3 Mei het die Engelse in twee groot kolonnes van Tafelkop, 'n versterkte hoogte naby die noordelike wal van die Modderrivier, opgeruk. Een kolonne was wes en die ander

oos van die spoorlyn. Hulle het eers na Brandfort en toe na die Sandrivier opgeruk. Oor 'n paar dae sal hulle, feitlik sonder teenstand, hier in Kroonstad wees. Die Boere het weliswaar pogings aangewend om hulle op elkeen van genoemde plekke teen te hou, maar hulle is eenvoudig deur die Engelse se oorweldigende massas uit hul posisies weg gemaneuvreer.

Ek sal slegs in 'n paar woorde die eerste van hierdie botsings beskryf. Dit bewys duidelik hoe hopeloos dit vir die Boere is om te dink dat hulle die Engelse hier in die oop landstreek kan stuit.

Om agtuur die oggend het die berig gekom dat die Engelse in groot getalle, sowel na die noordooste as die noordweste, van Tafelkop opruk. Ons [die militêre attachés en ek] het onmiddelik uitgeruk en posisie ingeneem op 'n klein koppie digby Brandfort, vanwaar daar — myle ver — 'n skitterende uitsig oor die hele vlaktes was. Met ons verkykers het ons duidelik die Engelse kolonnes gesien, waarvan 'n deel reeds ver in die weste was, terwyl 'n ander deel ongeveer 15 000 man met drie batterye, nog steeds langs die helling van Tafelkop gemarsjeer het.

Om tienuur het die Heidelbergse kommando verbygery om posisie op die hoogtes in die weste in te neem en die Ierse brigade opdrag gegee om te volg. Laasgenoemdes het eers posisie op ons koppie ingeneem waar nou slegs vyftien man agter gebly het wat nie tot 'n bepaalde kommando behoort het nie.

Die hele tyd was daar swaar kanonvuur uit die ooste te hoor [maxims en kanonne]. Soos ons later verneem het, het 'n ander, soortgelyke Engelse kolonne van Tafelkop in die rigting van Winburg opgeruk. Die Wakkerstroomse kommando, wat 5 km oosteliker van die spoorlyn gelê het en die Ermelose kommando wat nog 14 km verder oos was, is — omtrent daar waar op 30 April geveg is — albei gelyktydig van verskeie kante aangeval. Die orige Boere [4 000 burgers onder De Wet] was nog verder ooswaarts in 'n geveg met 'n derde Engelse kolonne gewikkel.

Om halfelf het die Heidelbergse kommando ons koppie genader en stelling ingeneem. Iets later het die Ierse brigade op die koppie verder na die weste verskyn. Tegelykertyd het die Engelse artillerievuur geopen. Hulle het hulle inmiddels teen die Heidelbergse kommando in slagorde geskaar. Die eerste granate het te ver geval, maar hulle het gou ingeskiet en die vuur het, ook uit die Maxim Nordenfelts, kwaai geword ofskoon hulle deurgaans iets te ver geskiet het.

Om 11.30 uur het die Boere geweervuur geopen op 'n kavallerieregiment wat teen hul regterflank opgeruk het. Om eenuur het hulle, in noordelike rigting, uit die posisie teruggeval. Hulle het gevrees om afgesny te word deur dié afdeling wat na Brandfort opgeruk het en slegs een gesneuwelde en twee gewondes gehad.

Twee eskadrons het inmiddels, tot 500-600 m afstand van ons in die bos langs die Brandfortspruit opgeruk en om 12.00 uur op ons koppie begin vuur. Ons het toe om die koppie gegaan om beter te sien wat daar gebeur en ons het met verkykers in ons skuiling agter klippe gelê. So gou een van ons 'n bietjie opgekom het, het koeëls om ons gesuis. Om eenuur het ons, deur 'n koeëlreën, oor die heuwelkruin na die perde gehardloop wat beskut agter die koppie gestaan het.

Toe ons, tydens ons rit, noordwaarts, op 500 tot 600 m van die koppie kom, het plotseling weer koeëls rondom ons begin neerslaan. Dit was dié koeëls wat oor die koppie getrek het. Ons het ons perde tot 'n stywe galop deur die gevaarlike strook aangespoor. Op 'n hoogte, vyf tot ses km verder noordwaarts, het ons halt gehou en vandaar 'n tydlank na die Engelse leër gekyk wat in slagorde na Brandfort opgeruk het, totdat 'n afdeling lansiers ons posisie genader en ons gedwing het om verder noordwaarts te trek, aangesien ons nou — soos gewoonlik — die agterhoede van die Boereleër gevorm het.

Om 6.30 uur nm. het ons by die Vetrivier aangekom waar ons waentjie was.

In die oggend van 5 Mei het ons by generaal De la Rey aangesluit wat posisie by die brug oor die Vetrivier ingeneem het. Hy het byna 2 000 man met vier kanonne, twee Maxim Nordenfelts en 'n maxim-masjiengeweer onder sy bevel gehad. In die môre is daar 'n klein geveg gewaar waar die pad van Brandfort, 'n paar km van die spoorlyn, oor die Vetrivier gaan. Die Engelse, wat waarskynlik slegs 'n sterk verkenningsafdeling was, is teruggedryf. Om drie-uur het die Engelse De la Rey se posisie aangeval. Hulle het in drie kolonnes opgeruk. Die artillerievuur, ten minste drie

atterye aan die kant van die Engelse, het ie hele namiddag aangehou sonder om skade an betekenis aan te rig. Die Boere se geringe antal kanonne is uitstekend bedien. Elke koot was op 'n afstand van ongeveer 4 000 iarts, skynbaar 'n treffer op die Engelse atterye. Die Boere se kanonne was ingerawe. Dit was die bes voorbereide deel van ie Boerestellings. Op ons uiterste regterleuel, op 'n afstand van sewe km, het 'n eveg met die voetvolk ontstaan waarin die ngelse teruggedryf is.

y die aanbreek van die duisternis het die eërs hul posisies behou, maar toe kom daar erig dat die kommando, wat die pad oor ie Vetrivier in die weste verdedig het, sonder pdrag sy stelling verlaat en dat ook Winburg, die ooste, tydens die middaguur in Engelse ende geval het.

ie Boere het toe besluit om in die loop van e nag terug te val en ons, die attachés, het et die laaste trein van Smaldeel na Kroonad gery.

ou het ons weer die ou storie na die val van 'oemfontein. Die Boere het moed verloor, root skares gaan huis toe. Weliswaar kry emand verlof om sonder spesiale pas van e generaals per trein te reis nie. Alles wat oontlik is, is gedoen om hulle te keer en oed in te boesem, maar dit skyn baie min help. Die meeste wil noordwaarts. Generaal otha het byvoorbeeld probeer om 2 000 ansvalers uit Natal hiernatoe te bring, maar e grootste deel wou hom nie volg nie. ie mense sê weliswaar dat die Transvalers eter vegters as die Vrystaters is, en dat ılle, wanneer hulle in hul eie land aangekom et, tot die uiterste sal veg. Dit is ewenwel egs 'n vermoede wat, tot nou toe, in hierdie orlog op niks kan steun nie.

ot 'n stryd van betekenis kan dit, hier in e Oranje-Vrystaat, nie kom nie en ewemin die Vaalrivier, daar sy stroom in hierdie d van die jaar nêrens 'n belangrike hinernis vir kavallerie of infanterie kan vorm e.

ıder dié omstandighede het ons, die achés, besluit om môre na Pretoria te reis daar die verloop van die verdere gebeurnisse af te wag.

n op die hoogte van die Boere se verskilıde gevegte te kom, het ek die lyste, wat deur die Rooikruis se Inligtingskantoor uitgegee is, versamel en nagegaan. Dit is 'n volkome onpartydige en betroubare instelling en ek sal hier 'n oorsig van die volgende syfers van die belangrikste gevegte gee:

By Modderrivier, 28 November [1899] — 13 gesneuweldes en 44 gewondes;

By Magersfontein, 11 Desember [1899] — 98 gesneuweldes en 206 gewondes;

By Colenso, 16 Desember [1899] — 8 gesneuweldes en 30 gewondes;

By Spioenkop, 17-26 Januarie [1900] — 95 gesneuweldes, 231 gewondes en 50 gevangenes.

Pretoria 11 Mei [1900]. Ek was gister, saam met die ander attachés, 'n aantal artillerieoffisiere, ingenieur Uggla en 'n paar ander ampsdraers op 'n rit met 'n soort gepantserde trein waarop 'n "Long Tom" gemonteer was. Die doel was gedeeltelik om met die "Long Tom" proef te skiet uit 'n spoorwa waarop hy gemonteer en van 'n pantser voorsien was, met tydontstekingstoets. Hulle het naamlik heeltyd, sowel by Ladysmith as Kimberley, met tydontstekingsbuise geskiet wat vir 'n groot deel as perkussie-ontstekingsbuise gewerk het.

Met die onverskilligheid wat die Boere eie is, is dit eers onlangs aangemeld. Mnr. Uggla het dit nou verbeter deur die ingangsopening groter en meer trapsgwys te maak asook deur 'n spie tussen die koeël en die ontstekingsbuis te plaas sodat eersgenoemde nie losgedraai kan word nie wanneer die koeël by die afvuur plotseling in 'n draaiende beweging gesit word. Hulle het nou uitstekend gewerk — maar stellig te laat!

Vanmôre het baie telegramme uit Natal aangekom met die nuus dat die Engelse met die grootste deel van hul leër begin het om 'n groot flankbeweging teen die suidoostelike deel van die Biggarsberg-posisies uit te voer, naamlik Van Tondersnek en Helpmekaar, ongeveer 34 km vanaf Dundee. Omdat ek reeds 'n aantal gevegte e.d.m. in die Vrystaat gesien het, en soos vroeër gesê is, die indruk gekry het dat daar geen gevegte van betekenis meer sou plaasvind nie, het ek besluit om inderhaas na Biggarsberg te reis. Die posisies daar moet, volgens ek gehoor het, voortreflik wees en bowendien beset wees deur 'n paar van Transvaal se beste kommando's, o.a. die kom-

mando's van Johannesburg, Pretoria en Carolina en die Swazilandse polisiekorps. Almal het hulle reeds vroeër in die oorlog by verskeie geleenthede onderskei sodat mens redes kan hê om ook nou hardnekkige teenstand te verwag.

**Pretoria 18 Mei:** Ek het dus op 12 Mei by Van Tondersnek aangekom en aangesluit by dr. Hammer, die medikus wat deur die Sweedse Rooikruis uitgestuur en met sy ambulans by die Utrechtse kommando ingedeel was. Vir hierdie ekspedisie het ek geen perd of orige uitrusting saamgeneem nie omdat ek, ooreenkomstig mnr. Uggla se toesegging vertrou het op dr. Hammer se goedvoorsiene laer om my alles te verskaf.

Die saamneem van alles sou my treinreis só vertraag en bemoeilik het dat ek te laat sou kom.

In hierdie verwagting is ek trouens nie beskaam nie. Ek het sowel 'n perd as al die ander toerusting wat ek benodig het, van die Sweedse ambulans ontvang.

Op dieselfde aand het ek berig ontvang dat die Engelse hoofmag dieselfde dag, onder op die vlakte verby Van Tondersnek in die rigting van Helpmekaar opgeruk het om die volgende dag waarskynlik die posisie by Pomeroy aan te val.

Vanaf die Drakensberge loop die Drakensberge ietwat noord van Van Reenenspas eers, 'n paar km suid van Glencoe en Dundee, na die ooste en daarna tot die grens van Zoeloeland na die suidooste uit te strek. Dit is verder 'n taamlik breë en egalige bergplato wat oor sy hele lengte steil na Natal, tot 1 000 voet, daal. Verskeie hoë bergtoppe rys langs die steilte op. Afgesien van Glencoe, waar die spoorlyn die plato deursny, is daar slegs 'n paar toegange vir troepe-afdelings, naamlik by Van Tondersnek [ongeveer 17 km oos van Dundee], by Helpmekaar [ongeveer 32 km suidoos van Dundee] en by Pomeroy [ongeveer 7 km verder suidwaarts].

Hiervan is slegs die laasgenoemde plek begaanbaar vir artillerie. Dit is weliswaar 'n baie lang front vir die 6 000 Boeretroepe onder generaal Lucas Meyer en kommandant Chris Botha [van Swaziland] wat hier geleër is, maar tog met bepaalde punte wat uitstekend geskik is vir verdediging, waar die vyand genoodsaak is om binne te dring en met 'n uiters maklike verbinding tussen hierdie punte. Voor sonop die volgende oggend was ons in die saal en op pad na Helpmekaar. Van hier het ons met ons verkykers die Engelse leër duidelik na Pomeroy sien opruk. Die Boere het vanaf Van Tondersnek vuur uit 'n kanon op die Engelse kolonne geopen. Die Engelse het hierdie vuur met drie kanonne beantwoord en hiermee die mars gedek. Die artillerievuur het slegs 'n halfuur geduur en was vermoedelik aan albei kante sonder uitwerking.

Om elfuur het ons eers artillerie — en 'n bietjie later ook geweervuur, in die rigting van Pomeroy gehoor waar die Boere se uiterste posisie teen die hang van Biggarsberg was. Dit was die kommando van Piet Retief wat, uit sy skutsloopgrawe, 'n paar skote met die Engelse voorhoede gewissel het, maar wat daarna haastig, sonder orde en sonder rede, teruggeval en hiermee die toegang vir die Engelse tot die Biggarsbergplato geopen het. Om twaalfuur het die eerste Engelse afdeling op die plato in sig gekom en 'n halfuur later het hulle vanuit 'n posisie in die vlakte, ongeveer 3 500 meter reg suid van 'n koppie met agt kanonne vuur op dié koppie geopen. Die kanonne was gou noukeurig ingeskiet en die vuur was goed gerig, maar daar was nie 'n enkele Boer op die koppie nie. Hulle het daarenteen die koppie beset wat daarvoor geleë was waar hulle klipskanse gemaak het. Om 2.30 uur het die Boere 'n Maxim Nordenfelt [3,9 cm] op die eersgenoemde koppie gebring en die Engelse se artillerie gaan beskiet.

Na agt of nege skote was die uiters linkse Engelse kanon in 'n stofwolk en rook gehul. Na 'n paar sekondes, na 'n soortgelyke beskieting was die kanon langsaan in 'n wolk gehul. So is al die kanonne aangepak. Daarna het die eerste kanon weer aan die beurt gekom, ens. Na minder as 'n halfuur het ons die Engelse voorspanne vorentoe sien draf en het alle kanonne in 'n strawwe galop agtertoe gegaan, terwyl die straal van die Maxim Nordenfelt hulle, soos 'n brandslang, 'n paar honderd meter agtervolg het.

'n Uur later het die vyandelike artillerie ongeveer 1 km verder terug, dus buite bereik van die Maxim, weer opgeduik en opnuut begin vuur. Terselfdertyd het ook hul Maxim Nordenfelt vanuit die ou artillerieposisie begin vuur.

Die Boere het 'n tydlank vanaf 'n sekere posisie met 'n Maxim Nordenfelt en vanaf 'n ander posisie met 'n Creuzot geantwoord. Die son het om vyfuur ondergegaan en kort daarna het die skietery opgehou.

Ek het in die ambulanswa, wat by 'n plaas gestaan het, bed toe gegaan met die sekerheid dat ek gedurende die eersvolgende dae 'n grootse geveg sou sien. Met hul twee Creuzots en twee Maxim Nordenfelts het die Boere naamlik, vanaf die uitstekende posisie op die heuwelrug volledig die toegang na Helpmekaar beheers. Selfs al sou die Engelse hul infanterie na die flanke, die steil hellings op en af, uitstuur dan moes die infanterie daarna 2 000 m oor 'n volkome oop vlakte aflê voordat hulle tot die heuwelrug nader. Wat dit beteken, het 'n mens met genoeg voorbeelde vroeër in hierdie oorlog gesien. Maar ons het nie lank rus gehad nie, want toevallig het 'n Boerepatrollie verbygekom en ons wakker gemaak. Hulle was uiters verbaas om ons hier te vind omdat die hele Boereleër teruggetrek het. Daar was slegs 'n enkele patrollie tussen ons en die Engelse. Ons het toe haastig ingespan, opgesaal en midde in die nag na Van Tondersnek teruggetrek.

In die loop van 'n enkele dag het hulle dus, na die verlies van slegs een gesneuwelde en drie gewondes, twee uitstekende stellings opgegee waarin hulle die Engelse verskeie dae sou kon teengehou het.

Stellig was niemand meer verras oor hierdie maklike oorwinning as die Engelse nie. Waarskynlik was hierdie maneuwer van hul kant eintlik slegs bedoel as 'n maneuwer om die Boere vas te hou in Natal en hulle te belet om troepe na die Vrystaat te stuur. Die posisie was naamlik te sterk om te kan glo dat die Engelse dit kon inneem indien daar slegs sterk teenstand gebied kon word en bowendien sou die Boere genoodsaak gewees het om binne 'n paar weke terug te trek om nie deur die Engelse troepe, wat uit die Vrystaat gekom het, afgesny te word nie. Maar toe die Engelse bespeur dat hulle só maklik kon opruk, het hulle natuurlik die kans gegryp.

Snags het die Boere 'n posisie by Van Tondersnek betrek, maar reeds vroeg die volgende oggend [14 Mei] het hulle teruggeval en om nege-uur het hulle ook hierdie posisie opgegee. Nie een van die Boere het stand gehou nie. Die generaal het wel gesê dat hy slegs na 'n beter posisie by Blesbokspruit [ongeveer 7 km van Dundee] wou terugval, maar ons het goed begryp dat daarvan niks sou kom nie. Die saak was dat hy sy gesag oor sy mense volledig verloor het. Hulle wou nie meer veg nie, alles was in volslae ontbinding. Elkeen het sy eie koers ingeslaan. Die kommando's uit S.O. Transvaal is huis toe. Die ander het, sonder oponthoud, deur Dundee en Glencoe getrek. Die agterhoede het uit die generaal met 'n aantal kommandante, veldkornette en ons ambulans bestaan.

Saans het ek Dundee verlaat met die laaste trein wat vandaar vertrek het. Die Engelse het hul laer by Blesbokspruit gehad. Die volgende môre het hulle Dundee binne getrek wat meer as sewe maande in die Boere se hande gewees het.

Die nag het ek in 'n spoorwa in Newcastle deurgebring en die oggend in 'n oorvol kompartement die reis voortgesit. Die trein was heeltemal gevul met vlugtende boere, vroue en kinders en allerhande soorte bagasie. Weer in Pretoria aangekom in die voormiddag van 17 Mei.

**Pretoria, 20 Mei:** Ek het nou berig ontvang dat die Boere reeds hul posisies aan die Renosterrivier opgegee het en ewemin van plan was om aan de Vaalriver teen die Engelse troepemassas stand te hou nie.

Volgens my ervarings, sowel in die Vrystaat as in Natal en Transvaal, is die meeste van die Boeretroepe moeg van die oorlog en probeer hulle om slegs heelhuids uit die gevegte te kom. Hulle skyn aangegryp te wees deur 'n algemene paniek. Die gebrek aan tug, dis die eienskap wat die leër bymekaar moet hou in die uur van gevaar, laat hom meer as ooit geld. Daar is 'n ou gesegde dat daar in 'n leër hoogstens 20% moedige soldate, 40% lafaards en 40% is wat nòg moedig nòg lafhartig is — 'n segswyse wat in hierdie oorlog heeltemal bevestig is.

Nie slegs die troepe nie, maar ook die orige bevolking skyn nou moedverlore te wees en beskou dit as hopeloos om langer teen die Britse ryk se groot mag te veg. In die loop van die $2\frac{1}{2}$ maand wat ek hier deurgebring het, het die stemming volledig gedraai. Eertyds wou hulle nie rus voordat die Engelse in die see gedryf sou wees nie. Nou is hulle tevrede met enige voorwaardes as hulle slegs 'n klein deeltjie van hul vryhed en onafhank-

likheid kan red. Eerstyds het hulle ten spyte van die eerste nederlae hul koppe opgehou. Hulle was oormoedig en het beslis geglo dat die Boeretroepe die beste in die wêreld was. Nou sien mens slegs bekommerde gesigte; almal is bevrees vir sy eie en die land se toekoms.

Soos dit altyd die geval is met 'n volk in rampspoed soek hulle ook na sondebokke op wie hulle die skuld kan pak. Hier is allerlei gerugte in omloop oor "Engelsgesinde generaals, verraad in bepaalde veldslae waarin bepaalde generaals of kommandante nie op die regte tyd ingegryp het nie, hoewel hulle die toestand sou kon gered het", ens. Die mense wil nie begryp nie dat 'n leër wat alle oefening behalwe skiet- en ryvaardigheid ontbeer, op die lang duur sal moet verloor, veral wanneer hulle te doen het met 'n geweldige groot, heeltemal georganiseerde en gedissiplineerde oormag.

Van die kant van die regering en die offisiere word weliswaar alles gedoen wat hulle kan om die mense moed in te boesem en hulle bymekaar te hou. Almal wat in regerings-, pos- en telegraafkantore, ens. gemis kan word, word met perd, geweer en patrone na die front gestuur. Selfs vrouens is bereid om op te tree om hul vaderland by te staan: Op 'n groot byeenkoms wat 'n paar dae gelede in Pretoria gehou is, het 'n paar honderd vrouens hulle bereid verklaar om na die front te gaan en te veg, terwyl die meerderheid daarenteen besluit het dat hulle die regering hul dienste sou aanbied om die mans sowel in die kantore as in die administrasie en die Rooikruis te vervang.

Hierdie reëlings sal weinig help, die nuwe mans wat uitgestuur word, is van min waarde vir gevegte. Die geoefendes wat aan die grootste deel van die oorlog deelgeneem het, is moeg en moedeloos.

Intussen trek lord Roberts met sy geweldige oormag van al kante saam teen Pretoria en Johannesburg, langsaam maar seker, met welberaamde maneuvers. Dag na dag kom hulle nader, dit is slegs 'n kwessie van 'n paar weke en dan sal die Engelse albei hoofstede beset hê. Daarmee is weliswaar die oorlog nie beëindig nie want die ou President Kruger is hardkoppig en wil nie opgee nie. Hy sê dat hy met die regering na Lydenburg wil verhuis om die oorlog voort te sit, maar daarheen kry hy tog nie baie duisende Boere met hom saam nie.

Onder die omstandighede wat hier beskryf is, het ek besluit om oor Delagoabaai na die Tugelarivier en Ladysmith te reis om die ou slagvelde te bestudeer, daar dit waarskynlik vir my van groter nut sal wees as om in Transvaal te bly. Want die Engelse trek òf so gou moontlik voorwaarts en dan sal binne 'n paar dae die moontlikheid uitgesluit wees om uit die land te kom, terwyl ek nouliks enige verdere stryd van betekenis sal sien, òf die Engelse sal 'n paar weke in die Vrystaat bly om uit te rus en te organiseer. Dan sal daar geen gevegte wees nie voordat hulle verder sal opruk en selfs dan sal daar waarskynlik slegs onbeduidende gevegte wees, meestal gemaneuvreer met die daaropvolgende terugtog aan die Boere se kant — net soos dit tussen Bloemfontein en die Vaalrivier gebeur het.

Enige langere verblyf op die krygstoneel laat die oorskot van die stipendium nie toe nie; dit sal presies voldoende wees vir 'n besoek aan Natal en vir die terugreis huis toe . . .

Stavanger, 9 Februarie 1906.
(Get.) J. Allum.